

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 18, No. 2

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mar-Apr 2018 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

Dit is tyd om wakker te word!

Die afgelope jaar het ek die geleentheid gehad om saam met die plaaslike pastoor van die noordoostelike streek van die Lewende Kerk van God, Jonathan McNair, 'n *Tomorrow's World*-aanbieding in Manhattan, New York, aan te bied. Hierdie aanbiedings is vir ons intekenaars, soos u, 'n geleentheid om ons TV-aanbieders, skrywers en leraars van die Lewende Kerk van God wat u omgewing bedien, persoonlik te ontmoet. Ons bespreek die verloop van wêreldnuus soos wat dit verband hou met Bybelse profesie en ons het gewoonlik 'n opvolg-aanbieding vir diegene wat belangstel om meer oor die Kerk wat die *Wêreld van Môre* borg, te leer.

Die oggendaanbieding in Manhattan was getiteld "Ontwaak Amerika!" Die eerste van drie punte in hierdie aanbieding was die behoefte om na ons oorsprong – ons erfenis – terug te keer. Die gemiddelde persoon ken nouliks onlangse geskiedenis, nog minder ons geskiedenis van lank gelede wat 'n wonderlike waarheid met beduidende implikasies openbaar. Amerikaners en nasies van Britse afkoms, sowel as die Franse, Nederlanders, Belge, Switsers en Skandinawiërs het hulle ware identiteite verloor. Hierdie onderwerp is te groot om breedvoerig in hierdie kort artikel te bespreek, maar ek moedig u aan om, indien u dit nog nie gedoen het nie, 'n

gratis kopie van ons boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*, aan te vra. U sal verbaas wees dat so min mense iets wat bewys kan word, verstaan.

Dit bring my by die tweede punt. Omdat ons nie weet waar ons vandaan kom nie, het ons vergeet waar *ons seëninge* vandaan kom. Dit is tyd om wakker te word en ons te bekeer! Ons verwaandheid om God te verwerp sal hartseer en lyding bring, meer as wat ons onself kan indink. Amerikaners het vergeet, ja, selfs God en Sy geboorte *verag* en so ook die ander afstammelinge van Israel se twaalf seuns. Ongeag wat iemand se etniese agtergrond mag wees, sal u saam met daardie nasie as geheel geseën of vervloek word indien u tussen hierdie mense woon. Ons is almal in dieselfde bootjie en tensy ons wakker word en ons bekeer – daar is geen aanduiding dat dit sal gebeur nie – is ons bestem om 'n rowwe tyd te beleef!

'n Groot deel van die probleem wat ons in die gesig staar, is die gevolg van my derde punt. Ons moet bewus raak van godsdienstige misleiding! Hierdie bewuswording is hoofsaaklik van toepassing op godsdienstige misleiding in die naam van Christus! Sommige mense vind dit aanstootlik dat enigiemand die oortuigings van 'n ander kan *kritiseer*, maar nie alle oortuigings is eenvormig nie en *nie elke geloof kan waar wees*

nie. Die Bybel openbaar aan ons dat daar 'n bese gees is wat die verloop van hierdie wêreld lei (Efésiërs 2:2). Verder vertel die Bybel ons dat hierdie gees die hele wêreld mislei het (Openbaring 12:9). Glo u dit? Word liefde betoon deur stil te bly en daardeur mense aan te moedig om in onkunde en misleiding voort te gaan?

Hoe kan die wêreld mislei wees, wanneer die belydende Christendom die grootste godsdienst ter wêreld is en *bykans een-derde* van die wêreld se bevolking uitmaak? Die antwoord is eenvoudig. Wat ons vandag as Christelikheid beskou, is **baie anders** as dié van Christus en Sy Apostels. Hierdie misleiding het selfs so vroeg as in die eerste eeu begin.

Die apostel Paulus het die kerk in Korinthe gewaarsku dat daar sommiges was wat reeds besig was om die mense van 'n ander Jesus te leer, wat 'n ander gees gehad het en 'n ander Evangelie verkondig het (2 Korinthiërs 11:4). Hy het verder verklaar dat Satan sy eie leraars het wat hulle as leraars van Christus voordoen (verse 13-15). Dit behoort skokkend te wees, maar die meeste mense beskou sulke nuus as vervelig, haal hulle skouers op en vra gelate, "Nou wat daarvan?" Tog waarsku én moedig God ons aan om iets te doen met betrekking tot hierdie eindtydse Babilon: "Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaas

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Dit is tyd om wakker te word!

Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Engeland rebelleer teen Rome 3

Die reeks gaan voort: Engeland het aangesluit by die opstand teen die godsdienstige gesag van die pous as gevolg van Koning Henry VIII se hartstog en eergierigheid.

Die werklike

Jesus Christus 12

Party mense beweer Hy is net 'n mite, terwyl ander verklaar dat Hy slegs 'n man was. Wie was die ware Jesus Christus? Wat beteken Sy lewe en boodskap vandag?

Tem die sosiale media monster 18

Facebook, Twitter, Instagram en soortgelyke media was veronderstel om ons almal nader aan mekaar te bring. In plaas daarvan is dit besig om ons samelewing te verdeel en ons denke te hervorm.

Keerpunte in wêreldgeskiedenis: Amerika bereik sy geopenbaarde bestemming 21

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Die Werke van Sy Hande: Oorlogvoering onder u vel 24

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Gerald E. Weston

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Kuns Redakteur

John Robinson

Besturende Redakteur

Wallace Smith

Streeksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Adam West (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Die waarheid agter die Protestantse Hervorming

DEEL 7

Engeland rebelleer teen Rome

Wat is die waarheid agter die Hervorming in Engeland? Verteenwoordig dit 'n terugkeer na die ware geloof wat deur Jesus Christus oorgelewer is? Hierdie reeks artikels bevat verrassende feite wat u in ag behoort te neem!

Roderick C. Meredith (1930-2017)

Miljoene boeke, pamflette en traktaatjies verklaar met vrymoedigheid die Protestantse grondslag: “Die BYBEL, die hele Bybel en niks anders as die Bybel nie, is die godsdiens van die Protestante”.

In die vorige aflewings van hierdie reeks het ons uit die Bybel en uit die geskiedkundige anale geleer dat 'n merkwaardige verandering plaasgevind het in die nominale “Christendom”, kort na die dood van die oorspronklike Apostels. Heidenese filosofieë en tradisies het opsigtelik in die Kerk van God ingesluip. Gedurende die “Donker Eeue” het die godsdienstige hiërargie 'n ware slykput van ongeregtighede, hoerery en gruwels van elke soort, geword.

Ons het gesien hoe Martin Luther teen hierdie korrupte hiërargie *gerebelleer* het, *maar steeds die meeste leerstellings en tradisies daarvan behou het*. Trouens, hy het teen *alle gesag* in opstand gekom en het ewe vermetel 'n woord in die Bybel ingevoeg. In sy skuldbelaaide begeerte om weg te doen met gehoorsaamheid aan God se

Wet, het Luther Romeine 1:17 as volg vertaal: “Die regverdige sal deur die geloof *alleen* lewe.” Hierdie gesindheid van Luther het daartoe gelei om die *bigamie* van die Landgraaf van Hesse en die *slagting* van honderde landbouers in die berugte Boereoorlog, te vergewe.

In die vorige uitgawe van die *Wêreld van Môre*-tydskrif het ons die hardvotige leerstellings en optrede van Johannes Calvyn bespreek, gegrond op sy teorie van uitverkiesing. Dink terug aan sy stelling: “*Want alle mense word nie op gelyke basis geskape nie, maar vir party is die ewige lewe vooruitbepaal, vir ander ewige verdoemenis ...*” (Bettenson, Henry. *Documents on the Christian Church*, New York: Oxford University Press, 1947. bl. 302).

Die skokkende gevolg van Calvyn se wrede stelsel kan slegs verstaan word deur die beskrywing te lees van hoe hy 'n godsdienstige teenstander, Michael Servetus, op die *brandstapel verbrand* het.

Nou sal ons die verstommende *waarheid* oor die Her-

vorming in Engeland bespreek.

Soos in die vorige fases van hierdie beweging, laat ons onself afvra: Was dit 'n terugkeer na die geloof en gebruike van Jesus Christus en Sy Apostels? Was dit inderdaad 'n terugkeer na die “BYBEL, die hele Bybel en niks anders as die Bybel” nie?

Die Engelse opstand

Die derde belangrike hervormingsbeweging wat duidelik onderskei kon word, is die een wat in Engeland plaasgevind het. Dit was 'n Hervorming gekenmerk deur geweld, selfs meer as wat dit onder Johannes Calvyn was.

Die sogenaamde “Hervorming” in Engeland kan feitelik geheel en al toegeskryf word aan die handeling van een man, Henry VIII. Aangesien die Engelse opstand onder sy invloed geen uitstaande godsdienstige leiers en baie min onderskeibare leerstellings opgelewer het, is 'n gedetailleerde ontleding van die vordering daarvan nie nodig om die unieke plek daarvan in die Hervorming as geheel te verstaan nie. Tog is insig in die

belangrikste oorspronge en resultate belangrik om ons 'n begrip te gee van sy latere invloed op die Engelssprekende nasies van die wêreld.

Koning Henry VIII

Toe Henry VIII die troon van Engeland in 1509 bestyg het, was dit reeds 'n gevestigde koninklike beleid dat die konings die meeste kerklike aanstellings beheer en dat baie van die *belangrikste politieke poste* gevul word met hooggeleerde kerkmanne. Dit het natuurlik tot baie *misbruike* gelei en het dikwels *gierigheid, oneerlikheid* en *wêreldse geslepenheid* onder die hoër geestelikes aangemoedig.

Hierdie situasie het ook daartoe bygedra om die godsdienstige getrouheid, wat gewoonlik deur die Roomse geestelikes teenoor Rome gevoel is, te ondermyn. Dit is deur middel van politieke ampte en belangstelling vervang met 'n gevoel van *nasionale lojaliteit*. Dit is verder versterk deur 'n toenemende nasionale antagonisme teenoor alle buitelandse inmenging, pouslik of andersins (Walker, Reginald F. *An Outline of the Catholic Church*. Dublin: M. H. Gill en Son, Ltd., 1950. bl. 401).

Onder sulke omstandighede was dit glad nie moeilik vir Henry VIII – 'n jong, aantreklike, briljante en verwaande koning – om die Engelse Katolieke geestelikes te beïnvloed en te intimideer volgens sy grille en gierenie.

Henry het 'n ruimskootse

erfporsie van sy pa, Henry die Sewende, ontvang en het groot gewildheid by sy onderdane geniet. As gevolg van 'n politieke alliansie met die Spanjaarde, het sy vader hom laat belowe dat hy met Catherine van Aragon, die dogter van Ferdinand en Isabella van Spanje, sou trou. Sy was eintlik vantevore sy ouer broer se vrou, alhoewel daar gesê is dat die huwelik nooit voltrek is voor Arthur se vroeë dood nie.

Catherine was omtrent ses jaar ouer as Henry. Alhoewel dit in die begin min verskil gemaak het, het die passievolle, eiewillige monarg sowat vyftien jaar later homself getroud bevind met 'n oorgewig, voortydig-verouderende vrou van veertig. Dit was bekend dat Henry al jare lank sy drange met 'n *reeks minnaresse* bevredig het en dit kon vir 'n onbepaalde tyd voortgeduur het, as dit nie was vir twee gebeurtenisse nie.

Eerstens lyk dit asof Henry deur Anne Boleyn bekoor was en dat sy daarop aangedring het om sy vrou te word. Tweedens, het net een van die ses kinders wat Catherine vir hom gebaar het, hulle kleuterjare oorleef – 'n dogter, Mary. 'n Vrou het nog *nooit voorheen oor Engeland regeer* nie en Henry kon dalk gevrees het dat die afwesigheid van 'n manlike troonopvolger tot 'n burgeroorlog sou lei. Hy wou met 'n ander vrou trou en 'n manlike erfgenaam hê (Hausser, Ludwig. *The Period of the Reformation*. Londen: J. S. Virtue and Co., Limited, 1885, bll. 170-171).

Die huweliksvraag

Omtrent in 1526 het Henry by Rome aansoek gedoen om sy huwelik met Catherine nietig te laat verklaar. Hy het sy versoek gegrond op die feit dat sy eers sy oorlede broer se vrou was en dat 'n *pouslike vergunning* toegestaan was om hom toe te laat om met haar te trou, aangesien hierdie soort verwantskap normaalweg 'n beletsel is vir 'n huwelik volgens Katolieke wetgewing.

Henry wou nou hê dat hierdie vergunning en dus sy huwelik, ongeldig verklaar moes word. Hy het probeer om die ondersteuning te verkry van Thomas Wolsey – vir wie hy Hoof-Raadgewer van die koning gemaak het asook van Pous Leo X, wie hy 'n kardinaal gemaak het.

Tot dusver was Wolsey Henry se regterhand. Hy was egter ook die *pous se verteenwoordiger* en het probeer om homself te beskerm deur 'n goue middeweg te volg in hierdie saak. Die saak was gevolglik vertrap – die pous en Wolsey het gehoop dat Henry dalk van plan sou verander.

Hierdie toedrag van sake het gou die koning se geduld laat opraak en hy is deur Thomas Cranmer en Thomas Cromwell aangeraai om sy saak aan die universiteite van Europa voor te lê. Dit het Henry gedoen, deur middel van *omkoperij* in die buiteland en *dreigemente* tuis, met die doel om *gedeeltelike goedkeuring* vir sy egskeiding te verkry van sommige van die Protestantse geleerdes en

teoloë. (Fisher, George P. *The Reformation*, New York: Scribner, Armstrong and Co., 1873. bl. 319).

Intussen het Henry kardinaal Wolsey op grond van *vervalste aanklagtes* ontslaan en gestroop van sy eer, het die kardinaal siek geword en op pad om verhoor te word vir hoogverraad, gesterf. Dit sou nie die eerste sterfgeval in hierdie saak wees nie. Soos die daaropvolgende gebeure sou aantoon, was Henry bereid om diegene te vermoor wat gekant was teen sy onbeteuelde wellus vir vroue en mag.

Henry het nou druk op die Engelse parlement uitgeoefen om wetsontwerpe uit te vaardig wat verklaar dat hy “die Biskermer en *Opperhoof* van die Kerk en die geestelikes van Engeland” is en na 'n lang debat is bygevoeg “in soverre dit deur die Wet van Christus toegelaat word”. Hy het dit toe bewerkstellig dat die Parlement wette uitvaardig waarin verbied word dat amptelike pouslike proklamasies in Engeland ingestel en dat die pouslike inkomste vanuit Engeland afgesny word (Fisher, bl. 320).

Terwyl sy saak nog hangende was in Rome, het Henry hom deur 'n vinnige egskeiding gehaas en is in die geheim, alhoewel formeel, met Anne Boleyn getroud op 25 Januarie 1533. Dit is duidelik dat hy reeds *met haar 'n onwettige, ower-spelinge verhouding aangeknoop het*, want op 7 September van dieselfde jaar het sy geboorte geskenk aan 'n dogter,

Elizabeth, wat later koningin geword het (Walker, bl. 403).

Kort daarna is Henry se nuwe gunsteling, Thomas Cranmer, aangestel as aartsbiskop van Canterbury. Op 23 Mei het hy [Cranmer] 'n kerklike hofsitting gehou en Henry se huwelik met Catherine nietig verklaar.

Die breuk met Rome

Die onvermydelike gevolge van al hierdie optredes het spoedig gevolg. Op 11 Julie 1533 het pous Clement VII 'n amptelike pouslike proklamasie uitgevaardig waarin hy Henry uit die kerk verban het. Henry het in dieselfde trant geantwoord en vinnig wette van die parlement verkry wat alle betalings aan die pous verbied en bepaal het dat alle biskoppe van toe af aangestel moes word volgens die koning se benoeming asook dat weggedoen word met alle ander erkenning van pouslike gesag (Fisher, bl. 320-321).

In November 1534 het die Parlement die beroemde Opper-gesagwet goedgekeur. Daarin is Henry en sy opvolgers verklaar as “die enigste opperhoof op die aarde van die Kerk van Engeland”, sonder enige kwalifiserende klousules en met volle gesag om “dwaalleer” en “vergrype” aan te spreek (Bettersson, bl. 322).

Die algehele breuk met Rome was nou afgehandel. Alhoewel dit hoofsaaklik 'n saak van Henry se *eiesinnigheid* was, sou dit nie uitgevoer kon word sonder die sterk nasionale gevoel en weersin aan pouslike

gesag wat reeds besig was om onder die Engelse volk toe te neem nie.

Wat die verbreking met Rome onherstelbaar gemaak het, was die beleid wat Henry nou toegepas het, naamlik die *konfiskering van die kloosters* en *abdygronde* en die *verdeling* van 'n gedeelte van die geplunderde rykdom onder sy howelinge en vriende (Fisher, bl. 321).

Vir sy werk het Henry 'n nuwe tussenganger gevind in Thomas Cromwell (1485?-1540), 'n man van baie nederige oorsprong, by tye 'n soldaat, handelaar en geldskierter, van wie Wolsey baie gebruik gemaak het as besigheid- en parlementêre tussenganger. Teen 1531 was Cromwell deel van die Raad van State; in 1534 regter van die appèlhof; en in 1536, leek wat hy was, adjunkbestuurder van die Koning in kerklike sake. Henry het kerklike eien- dom begeer om beide sy spandabelrige onderdane te onderhou en aanhangers te verwerf en beloon – die Hervorming was oral gekenmerk deur hierdie beslagleggings. In 1534 het hy Cromwell opdrag gegee om die kloosters te laat besoek en verslag te lewer oor hulle toestand. Die beweerde feite, waarvan die

waarheid of valsheid nog steeds betwis word, is voor die parlement gelê. In Februarie 1536 het hulle beslis dat dit aan die Koning en “sy erfgename toegewys word om vir ewig te gebruik soos wat hy en hulle wil en dat hulle na goeddunke daarmee kan handel”, in soverre dit alle kloosterlike instellings met 'n inkomste van minder as tweehonderd pond per jaar betref. Die getal waarop beslag gelê is, was driehonderd-ses-en-sewentig (Walker, bl. 404).

Dit is betekenisvol om daarop te let dat, soos Walker sê, dit 'n algemene praktyk onder die Protestantse vorste en edeles was om die *rykdom* van die Katolieke Kerk, waar enigsins moontlik, *te konfiskeer*. Dit is duidelik dat die meeste van hierdie invloedryke “Protestante” baie meer daarvoor besorg was om *hulleself te verryk* as oor enige teologiese veranderinge wat moontlik gemaak sou kon word. Trouens, Henry se breuk met Rome het feitlik *geen* veranderinge in leerstellings tot gevolg gehad nie, behalwe die verwerping van pouslike gesag en die vervanging met die Engelse monarg as “hoof” van die kerk.

Die hele situasie het hoofsaaklik ontwikkel as gevolg van Henry se *seksuele drange en strewe na gesag – nie* as gevolg

van ywerige mense wat probeer het om die waarheid van die Skrif herin te stel nie.

Teologiese ontwikkelings

Gedurende hierdie tydperk is 'n aantal godsdienstige leiers beïnvloed deur die werk van die Hervorming op die vasteland. Een van hulle, William Tyndale, het die Nuwe Testament in Engels vertaal. Hy kon dit egter nie in Engeland publiseer nie. In plaas daarvan is dit in 1526 op die vasteland gepubliseer en baie afskrifte het hulle weg na Engeland gevind, hoewel kerklike en burgerlike owerhede dit probeer onderdruk het.

Hierdie plasing van die Bybel in die hande van die mense het die weg vir latere geloofsveranderinge volgens Lutherse riglyne voorberei. Voorlopig moes die Rooms-Katolieke leerstellings egter afgedwing word (Walker, bl. 404-405).

Koning Henry se godsdienstige gesindheid, behalwe teenoor die pousdom, was dié van die *Katolieke ortodoksie*. Soms sou hy beperkte geloofstoegewings maak om die Duitse Protestante te plesier wanneer hy hulle ondersteuning nodig gehad het. In 1539 het Henry, as gevolg van vrees vir Frankryk en Spanje, die Parlement oorreed om die *Six Articles Act* goed te keur. Dit het streng leerstellings oor transsubstansiasie, geloftes van kuisheid, mondelinge boetedoenings en ander Katolieke praktyke gehandhaaf (Fisher, bl. 324).

Intussen het hy egter in

1539 voortgegaan om die konfiskering van al die kloosters te voltooi en sy posisie as hoof van die kerk en staat te versterk. Die feit dat hy die geplunderde rykdom van die kerklike eienomme verdeel het, het die welvaart van die Protestantse regerende klas, wie se persoonlike belange nou gelê het in voortgesette skeiding van Rome, opgebou.

Die ware feit is dat hulle *Katolieke was in leerstelling*, maar Protestants in hulle bevestiging van Henry se reg om die pous as hoof van die kerk te vervang met homself en die *buit van die geplunderde kloosters* met hulle te deel.

Koning Henry se huweliksmanewales

As “opperhoof” van die Kerk van Engeland was Henry se optrede teenoor sy vyande en, vreemd genoeg, selfs teenoor sy vrouens, *so ver verwyder* van Christelike beginsels as wat dit moontlik kon wees.

Tydens die somer van 1535 het hy twee van Engeland se mees bekwame geleerdes en teoloë, biskop John Fisher en Sir Thomas More, wreed *tereggestel* omdat hulle geweier het om sy oppergesag oor die kerk en geestelikes van Engeland te onderskryf. Baie ander vername persone het *met hulle lewens betaal* omdat hulle nie saamgestem het met Henry se siening nie.

Alzog gee 'n goeie opsomming van Henry se venynige optrede teenoor sy vrouens en edeles:

Henry was net so gruwelik wreed teenoor sy vrouens as wat hy teenoor sy predikante en ander onderdane van laer klasse was. Catharine van Aragon het haar verwerping 'n bietjie minder as drie jaar oorleef. Haar dood op 8 Januarie 1536 was 'n duidelike voorbeeld van wat sou volg. Sy was skaars in haar graf toe Anne Boleyn, wat haar plek in haar man se hart ingeneem het en die oorsaak was van al haar ellende, word aangekla van egbreuk, bloedskande en hoogverraad. Sy is skuldig bevind en op 19 Mei 1536 op die grasperk binne-in die Toring onthoof. Cranmer, wat voorheen "op grond van sy apostoliese gesag" die huwelik tussen Henry en Anne wettig en geldig verklaar het, moes nou sy vorige besluit herroep en "*in die naam van Christus en tot verheerliking van God*" verklaar dat dieselfde huwelik nou en nog altyd ongeldig was. Op die dag van Anne se teregstelling het Henry, asof hy sy minagting vir haar nagedagtenis te kenne wou gee, hom in 'n wit pak geklee en is die volgende oggend met Jane Seymour getroud, wat dood is (24 Oktober 1537) minder

as twee weke na die geboorte van 'n manlike kind, later bekend as Edward VI. Henry is weer later, aan die begin van 1540, getroud met Anne van Cleves. Hierdie huwelik het plaasgevind met 'n politieke motief. Dit is teweeggebring deur bemiddeling van Thomas Cromwell, wat gehoop het om die Protestantse saak in Engeland asook sy eie mag te versterk met behulp van die invloed van die nuwe koningin wat bekend was daarvoor dat sy 'n stoere Lutheraan was. Mislei deur haar skoonheid en persoonlike aantreklikheid, het Henry net met haar getrou omdat hy homself nie kon help nie en nadat hy ses maande lank met haar getroud was, het hy hoofsaaklik op hierdie gronde van haar geskei (13 Julie). Binne 'n maand (8 Augustus) het hy met Catherine Howard getrou, wat kort daarna aangekla is van owerspel, skuldig bevind is en onthoof is op 13 Februarie 1541. Henry se sesde en laaste vrou, Catharine Parr, is op een stadium byna onthoof toe sy gewaag het om oor teologiese vraagstukke met die Hoof van die

Kerk van Engeland te verskil; maar sy het haar fout vinnig agtergekom en die koninklike wraak vrygespring deurdat sy sy groot wysheid en teologiese geleerdheid taktvol gelei het. Sy het haar nederigste onderwerping aan sy oordeel uitgespreek en verklaar dat sy van hom verskil het sodat hy ook betrek kon word by 'n hetige gesprek, want wanneer hy geesdriftig was, het dit gelyk of hy die pyn van die kwaal waaraan hy gely het, vergeet. Deur hierdie slim plan te beraam het Catharine haar kop behou en het die geluk gesmaak om die wrede monster, wat in 1547 gesterf het, te oorleef.

Henry het agt-en-dertig jaar lank regeer en gedurende daardie tydperk het hy twee koninginne, twee kardinale, twee aartsbiskoppe, agtien biskoppe, dertien kloostervoogde, vyfhonderd priesters en monnike, agt-en-dertig dokters in godsgeleerdheid en regte, honderd-vier-en-sestig edelmannen, honderd-vier-en-twintig gewone burgers en een-honderd-en-tien dames tereggestel (Alzog, *John. Manuel of Universal Church*

History. Dublin: MH Gill and Son, 1902. bl. 322-323).

Protestantisme vorder onder Edward VI

Ná die dood van Henry VIII het die meerderheid Engelse die afgestorwe koning ondersteun en *geen aansienlike verandering* in leer of aanbidding verlang nie (Walker, bl. 408). *Ondanks* hierdie feit, sou Engeland egter die instelling van baie *Lutherse* leerstellings tydens die bewind van Edward VI aanskou.

Edward was *slegs nege jaar oud* toe hy die troon bestyg het. Die Hertog van Somerset was dadelik as *Beskermer* aangestel en was toe hoof oor die regeringsraad. Hy was 'n man wat *simpatiek* gestaan het teenoor *Protestantisme* en 'n vriend van die onteiene laer landbou klasse.

Onder die invloed van Somerset en Aartsbiskop Cranmer, is 'n aantal veranderings in leerstellings en aanbidding ingestel.

Dit was gedurende hierdie tydperk dat die Six Article herroep is en die werklike *basiese leerstellings* van die Kerk van Engeland opgestel is. Cranmer was 'n heelhartige Protestant en het 'n aantal *Lutherse teoloë* vir raad en advies ingebring.

Wette wat die selibaatskap van priesters afdwing het, is nou herroep. Nagmaal met beide die brood en wyn vir die gemeente is, in navolging van Luther, ingestel. Die gebruik van

Engels in die kerkdienste is verpligtend gemaak en hulp met die formulering van gebedsboeke en liturgie is deur die kontinentale hervormers verleen (Fisher, George P. *History of the Christian Church*. New York: Charles Scribner's Sons, 1897, bl. 357-358).

Die basis van Engelse Protestantisme is bepaald gedurende hierdie tydperk gevestig. Soos ons egter gesien het, was dit die Protestantisme van die *Duitse hervormers* wat op 'n beperkte skaal ingebring is.

Die bewind van koningin "Bloody" Mary

Die hervormingsplanne het in 1553 tot 'n skielike einde gekom met die vroeë dood van Edward VI in 1553 en die troonbestyging van die Katolieke koningin Mary. As gevolg van die gekonkel van party van die Protestantse edelmannes het Mary selfs die ondersteuning van meeste van haar onderdane gehad toe sy die troon bestyg het (Walker, bl. 405).

Op geslepe advies van haar neef, keiser Charles V was Mary aan die begin versigtig. Kort voor lank het die *Parlement sy besluit omgekeer* en verklaar dat die huwelik tussen haar moeder en Henry geldig was. Die wispelturige gesindheid van die monarge en politieke leiers van Engeland teenoor die huwelikstaat was skrikwekkend. Hulle aksies was 'n *skandelige bespotting* van Christus se woorde: "Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie" (Markus 10:9).

Hierdie optrede dui beslis daarop dat die *harte* van die Britse volk verseker nie *vas oortuig was van* hulle nuwe Protestantse "geloof" nie. Soos een Engelse geleerde sinies opgemerk het: "Met die Parlement het Mary geen probleme gehad nie. Soos 'n destydse geleerde ironies opgemerk het, hulle sou met dieselfde toewyding en ywer vir die vestiging van die Mohammedaanse godsdiens gestem het op aandrang van die koningin" (Babington, J. A. *The Reformation*. Londen: John Murray, 1901, bl. 286).

Met *weinig teenkanting* het Mary die Parlement oorreed om die kerklike wetgewing wat onder Edward se bewind ingestel is, te herroep en openbare aanbidding is heringestel na die vorm wat dit was in die laaste jaar van Henry VIII se bewind. Cranmer was egter nou *in die gevangenis* en baie van die meer toegewyde Protestante het na die vasteland gevlug.

Op hierdie tydstip het Mary ook in die huwelik getree met Philip, die seun van keiser Charles V en hy sou spoedig Philip II van Spanje word. Vrees vir die Katolieke en Spaanse oorheersing het dit 'n *uiters ongewilde huwelik* by Mary se onderdane gemaak en sy het baie openbare steun hierdeur verloor (Fisher, *History of the Christian Church*, bl. 359).

Die Engelse edellui was nou bang om die kerkeiendom waarop hulle *beslag gelê* het te verloor en 'n reeks oproerige opstande het plaasgevind.

Gedurende 'n groot gedeelte van hierdie tyd was dit moeilik om te bepaal of dit hulle Protestantse simpatie of hulle Engelse *nasionalisme* was wat hierdie voorvalle teweeggebring het (Hausser, bl. 569).

“Bloody” Mary het nou met die uitwissing van haar vyande begin en in Februarie 1554 is *vyftig mense opgehang*. Die totaal onskuldige Lady Jane Gray en haar man, Lord Guildford Dudley, is albei *tereggestel* vir beweerde sameswering teen die koningin. Mary het haar suster, Elizabeth, nooit baie liefgehad nie, sy is in die toring van Londen opgesluit. Deur al die jare het Elizabeth egter enigets versigtig vermy wat Mary se argwaan teen haar kon opwek en so haar lewe behou (Hausser, bl. 570-573).

Selfs aan die begin van hierdie vervolging was die Engelse adel en die Parlement nog steeds gereed om hul Protestantisme prys te gee en om “die Kerk en haar leerstelling te reguleer in ooreenstemming met die Pous se wense, net so lank as wat niemand sou inmeng met die *verdeling van die Kerk se eiendom* nie ...” (Hausser, bl. 571). Dit behoort beslis duidelik te wees dat hierdie edellui meer bekommerd was oor hulle *strewe* na rykdom en mag as wat hulle probeer het om ware geloof te vind.

Toe Mary eers die voorvalle Protestantse toegelaat het om die gekonfiskeerde kerk-eiendomme te behou, het die Parlement geredelik daartoe ingestem om aan die Pous

gehoorsaam te wees en om die edikte teen kettters te hernu. Diegene wat voortgegaan het om die Roomse godsdiens teen te staan, is met alle geweld vervolgd. In die drie jaar voor Mary se dood is ongeveer 270 Protestantse kettters op die *brandstapel verbrand*, onder wie 55 vroue en vier kinders (Hausser, bl. 571).

Baie van hierdie gewone mense was tot die einde toe getrou aan hulle Protestantse oortuigings. Hulle geestelike leier, Thomas Cranmer, wat aartsbiskop van Canterbury onder Henry VIII en Edward VI was, was nie heeltemal so standvastig nie. Hy het sy Protestantse oortuigings onder die bewind van koningin Mary verwerp in die hoop om sy *lewe te red*. Maar toe die besluit eers geneem is dat hy in elk geval moes sterf, het hy weer moed bymekaar geskraap, sy vroeëre verwerping teruggetrek en verklaar dat hy 'n Protestant is en met waardigheid gesterf. Soos Fisher sê: “Watter koers hy sou inslaan as hy toegelaat was om te lewe, is *onmoontlik* om te sê...” (Babington, bl. 328).

Onder Mary se bewind het die regering die Protestante soos misdadigers vervolgd. Natuurlik het dit onder die Engelse volk 'n *haat vir Rome* laat ontwikkel. Nie soseer as gevolg van ware godsdienstige oortuiging nie, maar in 'n *politieke sin* het die idee nou ontstaan dat “Protestantisme en Engelse nasionaliteit *identies* was” (Hausser, bl. 573).

Wanneer ons dus lees van

die stoere “Protestantse” oortuiging onder die Engelse volkere, moet ons besef *hoekom*. Dit het 'n gees van Engelse nasionalisme in verset teen Rome geword. Dit is 'n *nasionale godsdiens* wat in Engeland voortgeduur het, tot vandag toe. Soos baie mense egter besef het, het die verloop daarvan altyd meer afgehang van *politiek* en *mag* as van opregte godsdienstige motiewe.

Die Engelse volk het in 'n gedeeltelike *staat van opstand* gebly totdat hulle Katolieke koningin Mary in November 1558 gesterf het. Die nasie het haar suster, Elizabeth, op die troon verwelkom (Fisher, bl. 362).

Engelse Protestantisme gestig

Elizabeth het haarself gou gevestig as hoof van die Kerk van Engeland, net soos Henry VIII gedoen het. Aangesien dit egter gelyk het asof die titel, “Opperhoof” onaanvaarbaar was vir die Katolieke, was sy nou “Oppergoewerneur” van die nasionale kerk (Walker, bl. 414).

Die Protestantse beginsels wat vroeër onder Edward VI ingestel is, is nou weer stap-vir-stap ingestel. Deur die “Act of Uniformity” van 1559, is die Gebedeboek van Edward VI weer ingestel vir gebruik in al die kerke. Dit is van almal verwag om die nasionale kerk by te woon en hulle was onderhewig aan straf en boete, met uitsondering van “wettige of redelike verskonings” (Moncrief, John W. *A Short History of the*

Christian Church. New York: Fleming H. Revell Company, 1902. bl. 339).

Babington lewer kommentaar op die *skynheilige wisselvaligheid* van die “godsdiens” situasie in Engeland gedurende hierdie tyd. “Dus het die Engelse parlement binne 'n paar jaar vir die *derde keer* sy godsdiensige geloof formeel *herroep*. Dit dien geen doel om enige aanvaarbare rede vir hierdie verstommende feit te probeer gee nie. Om te dink dat die veranderings wat deur die oorgeërfde wetgewers en verteenwoordigers van die Engelse volk gemaak is, omdat hulle onder die indruk gebring was deur geestelike *ywer* of godsdiensige oortuiging, sou die *toppunt van onsinnigheid* wees” (Babington, bl. 299).

Alhoewel koningin Elizabeth in godsdiensige sowel as siviele sake *oorheers* het, is Matthew Parker nou as aartsbiskop van Canterbury ingeseën. Onder sy leiding is die 42 *geloofstellings* wat oorspronklik deur Thomas Cranmer geformuleer is, na 39 verminder. In 1571 het die Parlement hulle as die **basis van leerstellings** van die kerk van Engeland aangeneem. Hulle stel 'n soort “middeweg”-leerstelling tussen Lutheranisme en Calvinisme daar. (Kurtz, J.H. *Church History*, Londen: Hodder en Stoughton, 1889. bl. 315).

In werklikheid was die godsdiensige *grondslag* van die Kerk van Engeland 'n *vermenging* van Lutheranisme, Calvinisme en Katolisisme,

maar *The Thirty-Nine Articles* was hoofsaaklik gebaseer op *Lutherse geloofsbelydenisse* (Moncrief, bl. 339). En, natuurlik was *Luther* se teorie van regverdigmaking deur geloof *alleen* behou. *Calvyn* se leerstellings oor die “Nagmaal” en uitverkiesing is nietemin in die geheel aanvaar.

Baie Rooms-Katolieke *rituele, gebruike en konsepte* is egter behou. “The Thirty-Nine Articles bevat baie Protestantse dogmas, maar hulle behou ook *baie van die Roomse kultus*” (Moncrief, bl. 340).

Alhoewel daar van tyd tot tyd *veranderings* aangebring is, bly die leerstellings en vorm van godsdiens wat hierdie keer onder koningin Elizabeth aangebring is, tot vandag toe *weselik dieselfde* in die Kerk van Engeland (Wharey, James, *Church History*. Philadelphia: Presbyterian Board of Publication. bl. 240).

Opsomming

Dit is nie ons doel om in hierdie huidige werk in 'n gedetailleerde geskiedenis van die verskillende verdelings en afdelings van die drie hoof Protestantse “vertakkings” in te gaan nie. Soos ons reeds gesien het, het *Luther se leerstellings* oor die grootste deel van Noord-Duitsland versprei, van daar af hoofsaaklik na die Skandinawiese lande en toe na die Nuwe Wêreld. *Calvyn se teologie* het uiteindelik in Switserland, dele van Frankryk en Duitsland, Nederland en Skotland oorheers. Later het dit ook sy weg

gevind – met aanpassings – na Amerika en veral na die Nieu-Engeland state.

Anglikanisme het slegs in Engeland self in sy suiwer vorm oorheers. Dwarsdeur die Britse Statebond en in Amerika het dit sedertdien die naam “Episkoppaalse Protestantisme” en ander vorme aanvaar, wat feitlik identiese geloofsoortuigings bevat.

As 'n rigtinggewende beginsel is dit belangrik om te besef dat *elke groot Protestantse liggaam* na regte sy regmatige voorouer moet erken as een van hierdie sleutel hervormingsbewegings. Lutheranisme, Calvinisme en Anglikanisme moet erken dat hulle *almal* in die eerste plek uit die Kerk van Rome gekom het.

Om weer na Engeland te verwys, kan ons sekerlik sê dat die drie hoofkerke wat uit die “puriteinse” beweging van die sewentiende eeu ontstaan het – die Presbiteriaanse, die Kongregasionalistiese en die Baptiste Kerke – *almal* die grootste deel van hulle *leerstellings, gebruike en konsepte aan Calvyn* te danke het.

Die latere Metodiste-beweging onder John en Charles Wesley het geen wesentlike verandering in die basiese leerstellings van die Kerk van Engeland behels nie. Dit was slegs bedoel as 'n hervorming binne die Anglikaanse Kerk deurdat hulle die uitverkiesingsleer verwerp het en die klem geplaas het op persoonlike heiligheid en 'n bewustheid van 'n “getuie van die Gees” in die

gelowige (Hurlbut, Jesse Lyman. *The Story of the Christian Church*. Philadelphia: The John C. Winston Co, 1933. bl. 177).

Tot aan die einde van sy lewe het Wesley sy volgelinge aangemoedig om in die Kerk van Engeland te bly en verklaar: "Ek leef en sterf as 'n *lidmaat* van die Kerk van Engeland; niemand wat my oordeel hoog ag sal ooit daarvan afwyk nie" (Bettenson, bl. 361).

Dit is dus duidelik dat selfs die Kerk van Engeland wat voortspuit uit Rome, die moederkerk is van ander godsdienstige liggame wat *dieselfde basiese leerstellings* het. Die punt wat ons graag wil beklemtoon is dit: Al die belangrikste vertakkings en verdelings binne die Protestantse "Christendom" *stem saam* oor die meeste van hulle *basiese leerstellings, tradisies* en godsdienstige *konsepte*. Die betekenis hiervan sal later bespreek word.

Om terug te keer na die Engelse opstand, vind ons dat koning Henry VIII se onbeheerde wellus na vroue en mag, tot 'n

nuwe godsdienstige liggaam gelei het. Die reïne waarheid is dat die "Hervorming" in Engeland uit wellustigheid gebore is en tot sukses gelei was deur *politieke druk* en *wapengeweld!*

Een vooraanstaande Protestantse historikus erken: "Die merkwaardige kenmerk van die Engelse opstand is dat dit geen uitstaande godsdienstige leier opgelewer het nie – geen Luther, Zwingli, Calvyn of Knox nie. Daar was ook nie voor die begin van Elizabeth se bewind, 'n noemenswaardige geestelike ontwaking onder die mense waarneembaar nie. Die dryfkrag daaragter was polities en maatskaplik" (Walker, bl. 415).

Soos ons gesien het, is die Engelse opstand gebore uit die *wellus* en *sonde* van Henry VIII. Dit was onder die volk aangebly deur 'n gees van *nasionalisme* en *antagonisme* teenoor Rome. Dit is aangespoor om sukses te behaal deur die gierigheid van die Engelse adel om op die rykdom van die Katolieke kloosters en

grond beslag te lê. Dit is op die troon geplaas deur die koninklike bewuswording van die *ongehinderde mag* wat aan die Engelse monarge toegesê is.

Dit word erken dat hierdie beweging, *geen* noemenswaardige, *godsdienstige leier* wat die naam werd was opgelewer het nie. Daar was feitelik *geen geestelike ontwaking* onder die volk nie. Die motiewe was *polities* en *maatskaplik*.

Laat ons *eerlik* en *ruiterlik* die vrae aanspreek: Was dit 'n terugkeer na die suiwer Nuwe-Testamentiese Christendom? Was dit 'n Gees-geïnspireerde herinstelling van die "geloof wat eenmaal oorgelewer is"?

In die volgende aflewering sal die *werklike betekenis* van alles wat ons bespreek het en die *antwoorde* op hierdie vrae duidelik gemaak word. Dit is nodig dat ons sal *weet* waar vandag se Protestantse "Christendom" regtig vandaan gekom het en waarheen dit lei! Moenie die volgende uitgawe se aflewering in hierdie belangrike reeks misloop nie! **WvM**

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Vervolg vanaf bladsy 22 – Keerpunte in wêreldgeskiedenis: Amerika bereik bestemming

die onbetwiste supermoondheid in die wêreld geword aangesien dit sy taal, kultuur en waardes oor die wêreld uitgebrei het.

Wat min mense vandag besef, is dat die merkwaardige opkoms en uitbreiding van die Verenigde State byna 4,000 jaar gelede voorspel is in die profetiese beloftes wat Jakob

aan sy twee kleinseuns, Efraim en Manasse gemaak het. Daar is geprofeteer dat Efraim 'n "menigte van nasies" sou word (die Britse Ryk en Gemenebes) en Manasse (die Verenigde State) sou 'n "groot" nasie word en as afstammeling van die Bybelse patriarg Josef, sou hulle albei die seën van die hemel

en die aarde beërwe (sien Génesis 48:14-20; 49:22-26; Deuteronomium 33:13-17). God se bedoeling was dat hierdie twee Israelitiese volke "ligte" vir die wêreld sou wees (Deuteronomium 4:1-10). Dit is waarom die opkoms van Amerika en Brittanje belangrike keerpunte in wêreldgeskiedenis is. **WvM**

Die werklike Jesus Christus

Deur Richard F. Ames

Verwarring oor Jesus is aan die orde van die dag! Sommige mense glo dat Hy in die eerste eeu bloot 'n invloedryke prediker was. Party mense beweer dat Hy nooit bestaan het nie en net 'n mite is! Wie was dan die Ware Jesus Christus? Het u al ooit gekyk na wat die Bybel werklik van Jesus sê? Wat het Hy gedoen toe Hy op die planeet Aarde was en wat doen Hy nou vir u en vir u toekoms?

Dit het op die Internet mode geword om te beweer dat Jesus Christus nie bestaan het nie. Selfs die oorgrote meerderheid van skeptici gee toe dat die feite anders sê. In sy boek *Did Jesus Exist?*, verduidelik die geleerde Bart Ehrman – wat self nie in Christelikheid glo nie – die siening van moderne navorsing oor die saak: “Die werklikheid is dat wat u ookal van Jesus mag dink, hy beslis bestaan het ... [D]ie siening dat Jesus bestaan het, word deur feitlik elke deskundige op die planeet gehuldig” (bl. 4).

Terwyl ateïstiese geleerdes oor die algemeen erken dat die man Jesus wel in die eerste eeu geleef het, 'n bediening in die Romeinse provinsie Judea gehad het, 'n omstrede boodskap gepreek het en daarvoor doodgemaak is, beantwoord dit nie die vraag van *wie Hy was* nie.

Wie was die *Ware* Jesus Christus? Was Hy net nog 'n rondtrekkende prediker oor wie 'n klompie legendes ontwikkel het? Of was Hy die Seun van God wat gekom het om 'n boodskap te verkondig wat baie min mense vandag verstaan? Selfs al dink u dat u in Jesus glo, mag die antwoord u verras!

Ongeveer een-derde van die inwoners op die Aarde noem hulleself Christelik. Selfs onder hulle weet relatief min mense wat Jesus werklik verkondig het of wat die Bybel oor die Ware Jesus Christus openbaar. Hy het Self gesê dat daar baie naboetsers sal wees. Hy het hulle “valse christusse” genoem (Matthéüs 24:24). Die apostel Paulus het gewaarsku teen “'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het ... 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie” (2 Korinthiërs 11:4). Ken u die Ware Messias – die *Ware* Jesus Christus?

Wat openbaar die Bybel? Was Jesus net 'n leermeester of was Hy dít *en selfs meer*? In Johannes 4 praat Jesus met 'n vrou by die put van Jakob naby die stad Sígár in Samaría. Hierdie vrou het oortuig geraak dat Hy die beloofde Messias was – die Christus. Sy het die hele gemeenskap vertel van hierdie man wat, sê sy, “my alles vertel wat ek gedoen het” (vers 39). As gevolg hiervan het baie ander Samaritane gekom om na Jesus te luister en hulle het Hom oorreed om twee dae daar te bly. Wat was hulle indruk van Jesus?

“En baie meer het op grond van sy woord geglo en aan die vrou gesê: Ons glo nie meer op grond van wat jy gesê het nie, want ons het self gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Christus, die Saligmaker van die wêreld, is” (Johannes 4:41-42).

Die naam Jesus beteken “Verlosser of Saligmaker”. Was Jesus die Verlosser van die wêreld? Mens behoort eerder te vra: “**Is** Hy die Verlosser van die wêreld?” Die bewyse van vervulde profesie, geskiedkundige akkuraatheid, die bewaring van die teks en die openbaring van die lewe se geheime en doel, ondersteun alles hierdie waarheid dat Hy dit is! Hoe het Hy dit dan geword? Hy was Immanuel, “God met ons” – God in die vlees! Waar het Hy vandaan gekom? “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie” (Johannes 1:1-3).

Hierdie Woord waarvan die apostel Johannes gepraat het, was die Een wat Jesus Christus in die vlees geword het, die Seun van God (vers 14). Hy het Sy

lewe geoffer om te betaal vir die sondes van die wêreld, soos net Hy dit kon doen. Hy word uitgebeeld as die offerlam. Let op hoe Johannes die Doper van Hom getuig: “Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” (Johannes 1:29). Hy was vir 30 silwerstukke verraaï, soos geprofeteer (Sagaria 11:12-13). Nadat Hy Jerusalem op 'n donkie binnegegaan het, sou Hy soos 'n geringe herder wees (Sagaria 9:9; 13:7).

Daar is altesaam meer as 100 profesieë in die Ou Testament wat die koms van die Messias voorspel. Sommige wantrouige mense sê dat Jesus Sy bediening op een of ander manier so gereël het om daardie profesieë te vervul of sê dat die Nuwe-Testamentiese skrywers die verhale in die Evangelie uitgedink het om die vervulling daarvan te demonstreer. Sou honderde van Jesus se eie tydgenote – wat geleef het in die tyd toe Paulus sy briewe geskryf het en wat baie van diegene eerstehands geken het, wat hierdie gebeure wat beskryf is bevestig het (1 Korinthiërs 15:6) – hulleself gewillig laat martel het vir 'n fiksie? Ja, daar is altyd skeptici soos diegene wat vandag die eerstehandse weergawes van oorlogswreedhede in die Tweede Wêreldoorlog, in Kampuchea, Irak en ander plekke betwyfel. Paulus en die ander skrywers van die Skrif het aan hulle tydgenote geskryf, in 'n tyd toe

duisende mense vervolgd is en bereid was om te sterf vir hulle oortuigings, vir dit wat hulle self gesien en gehoor het!

Ja, u kan in die woorde van die Skrif glo! Dit is skokkend om te besef hoeveel predikante aan u sal sê om te glo – maar u nooit sal maan om u te bekeer nie. Tog sê Jesus Self aan almal van ons om ons te bekeer! Ons Verlosser beveel elke mens op aarde om homself te bekeer en te glo. Vereis God regtig dat diegene wat glo oorgaan tot aksie? Die apostel Petrus het gesê dat Hy wel doen. Wat het Petrus op Pinksterdag toe hy duisende toegesprek het gesê in sy geïnspireerde preek op die dag wat die Nuwe-Testamentiese kerk begin het? Hy het gesê: “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang” (Handelinge 2:38). Duisende wat hom gehoor het, het van hulle sondes oortuig geraak en is op daardie dag gedoop en het die beloofde gawe van die Heilige Gees ontvang.

Moontlik voel u die pyn van skuld en sonde. Daar is 'n manier om u lewe te verander. Jesus, die Lam van God, het u sondes op Homself geneem. Om met God versoen te word, moet u egter glo en reageer op die Ware Evangelie. Soos Jesus verkondig het: “Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie” (Markus 1:15).

'n Revolusionêre Jesus?

Toe ek omtrent twaalf jaar oud was het ek die leerstellings wat ek in die kerk gehoor het, bevraagteken. Ek het begin wonder of Jesus werklik bestaan. Dus het ek gedink: “Wel, ek sal net lees wat hierdie biograwe Matthéüs, Markus Lukas en Johannes oor Hom sê”.

Selfs as 'n twaalfjarige, was ek verbaas oor wat ek gevind het, veral toe ek die “Bergpredikasie” begin lees het. Jesus het byvoorbeeld gesê: “Maar Ek sê vir julle dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe” (Matthéüs 5:39). Ek het vir myself gesê, “Sy leerstellings is revolusionêr!” Op my eie beperkte manier, het ek my benadering tot die lewe verander maar ek sou eers baie jare later tot ware bekering geroep word.

Baie mense het dieselfde ervarings as wat ek gehad het. Skrywer Bruce Barton het “'n afkeer ontwikkel” in die valse Jesus wat in 'n Sondagskoolklas voorgehou is. In sy klassieke boek, *The Man Nobody Knows*, skryf hy:

Die klein seuntjie [Barton het oor homself geskryf] het na die prentjie wat teen die Sondagskoolmuur hang gekyk. Dit het 'n bleek jong man met slapperige voorarms en 'n hartseer gesigsuitdruk-

king vertoon. Die jong man het 'n rooi snor gehad. Die klein seuntjie het toe na die ander muur gekyk. Daar was Daniël, goeie ou Daniël, wat eenkant, weg van die leeus, gestaan het. Die seuntjie het van Daniël gehou. Hy het ook van Dawid gehou, met die betroubare slinger wat 'n klip vierkantig teen die voorkop van Goliat geplant het. Van Moses ook, met sy staf en sy groot koper-slang. Daardie drie was wenners ... maar Jesus! Jesus was die “Lam van God”. Die klein seuntjie het nie geweet wat dit beteken nie, maar dit het geklink soos *Mary's little lamb*. Iets vir meisies – sussieagtig. Jesus was ook “sagmoedig en nederig”, 'n “man van smarte en bekend met krankheid”. Hy het drie jaar lank rondgegaan en aan mense gesê om dinge nie te doen nie (bll. i-ii).

Soos Barton, het ek ook eens 'n vals begrip van die ware Jesus gehad. Miskien het u ook. Indien u egter self die Bybel lees, sal u moontlik verbaas wees om te ontdek dat baie van die gewilde beelde, konsepte en leringe wat dikwels as “Christelik” aan ons opgedis word, heeltemal verskil van die waarhede wat in die Skrif gevind word.

Barton het begin om 'n teenstrydigheid tussen Jesus se prediking en die wêreld se vervalste beeld van Hom, te sien. Barton skryf van sy herontdekking van die Bybelse Jesus Christus:

Hoe meer preke hy [Barton] gehoor het en hoe meer boeke hy gelees het, hoe meer verward het hy geraak. Hy het eendag besluit om die idees van die boeke en preke uit sy gedagtes te sit. Hy het gesê, “Ek sal lees wat die mense wat Jesus persoonlik geken het, van hom gesê het. Ek sal van hom lees asof hy 'n nuwe geskiedkundige karakter is, iemand van wie ek nog nooit iets gehoor het nie”. Die man was verbaas. 'n Fisiese swakkeling! Waar het hulle die idee gekry? Jesus het 'n skaaf gestoot en 'n dissel geswaai; Hy was 'n suksesvolle timmerman. Hy het buite geslaap en sy dae deurgebring deur om om sy gunsteling meer te loop. Hy was so gespierd dat toe hy die geldwisselaars uitgedryf het, niemand gewaag het om hom tee te gaan nie! 'n Pretbederwer! Hy was die gewildste gas by etes in Jerusalem! Die kritiek wat betaamlike mense teen hom

uitgespreek het, was dat hy te veel tyd spandeer het met die tollenaars en sondaars ... en die gemeenskap te veel geniet het. Hulle het hom 'n “vraat en 'n wynsuiper” genoem. Toe die man klaar gelees het, het hy uitgeroep: “Dit is 'n man wat niemand ken nie” (bll. iii-iv).

Verborge waarheid

Hoe kan ons egter die Ware Jesus leer ken? Verrassend genoeg kan sommige van die algemeenste godsdienstige tradisies misleidend wees – selfs oor iets so basies soos Sy geboorte. Waarom is Jesus gebore? Let op wat die engel aan Maria gesê het voor Sy geboorte: “En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie” (Lukas 1:31-33).

Jesus se boodskap het gegaan oor die Koninkryk van God op aarde! Hy sal terugkeer as Koning van die konings en Here van die here (Openbaring 17:14; 19:16). Hy sal op die troon van Dawid sit en oor al die nasies heers. Soos Jesaja geskryf het: “... tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde ...” (Jesaja

9:6). Dit is goeie nuus en dit is nodig dat ons almal bid soos Jesus ons geleer het, "laat U Koninkryk kom!"

Wanneer is Jesus gebore? Is Hy in Desember op Kersdag gebore? Dit kan vir sommige 'n verrassing wees, maar ons kan seker wees dat dit nie so is nie. Let op na die agtergrond en die tyd van die jaar toe die engel Jesus se geboorte vir die herders aangekondig het: "En daar was herders in dieselfde landstreek, wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het" (Lukas 2:8). Die meeste Bybelgeleerdes erken onomwonde dat herders nie in Desember in die veld was nie. Die koue reënseisoen het lank voor 25 Desember begin. Jesus is waarskynlik laat September of vroeg in Oktober gebore, soos die meeste agtenswaardige Bybelkommentare toegee.

Waarom aanvaar ons so dikwels tradisies en leerstellings sonder om dit na te gaan? Sommige van ons konsepte en idees verskil van die Bybel! Jesus het nooit Sy verjaarsdag gevier nie en ook nie die Apostels nie! Soos die *Encyclopaedia Britannica* se inskrywing oor "Kersfees" in die 15de uitgawe verklaar, "Volgens 'n Romeinse almanak, is die Christelike fees van Kersfees in 336 n.C. in Rome gevier". Let ook op die volgende inskrywing oor Christelikheid: "Die Vaders van die 2de en 3de eeue, soos Clement van Alexandria, Origen en Epiphanius, het aangevoer dat Kersfees 'n nabootsing van

'n heidense feesviering was".

Wanneer u die boek Handeling lees, sien u dat die Apostoliese Kerk van die eerste eeu – die Nuwe-Testamentiese Kerk – nooit Kersfees of die geboorte van Christus gevier het nie. Die ware Apostoliese Kerk van die eerste eeu het die Bybelse feeste onderhou: Die Pasga van die Nuwe Testament, die Dae van Ongesuurde Brode, Pinkster, die Fees van Basuine, die Versoendag, die Huttefees en die Laaste Groot Dag. Die Skrif stel dit duidelik dat Jesus Christus die Laaste Groot Dag van die Fees onderhou het. Die apostel Johannes het na hierdie Heilige Dag verwys toe hy geskryf het: "En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei" (Johannes 7:37-38).

Is die tradisionele Christendom besig om in Jesus se voetstappte te volg soos die apostel Petrus ons aangesê het om te doen (1 Petrus 2:21)? Onderhou dit die weeklikse Sabbat – die sewende dag van die week – soos Jesus gedoen het? Christus het verklaar dat Hy, "die Seun van die mens die Here ook van die sabbat [is]" (Markus 2:28). Soos ons uit Génesis 2:3 weet, het God die sewende dag ten tye van die skepping geheilig. Vir wie is die Sabbat gemaak? Jesus het gesê: "Die Sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die

sabbat nie" (Markus 2:27). Die Sabbat is gemaak vir die hele mensdom as 'n rusdag en as 'n herinnering aan God se groot skepping. Onthou, God het alles geskape, met inbegrip van die Sabbat, deur Jesus Christus (Efésiërs 3:9).

Die geskiedkundige Jesus

Die Joodse geskiedkundige Josephus het verwys na Jesus se broer, die apostel Jakobus, wat die Nuwe-Testamentiese boek Jakobus geskryf het. In die eerste eeu n.C. het Josephus die volgende geskryf: "Festus was nou dood en Albinus was op die pad; dus het hy die Sanhedrin van die regters vergader en die broer van Jesus voor hulle gebring. Jesus wat Christus genoem is se broer, wie se naam Jakobus is en sommige ander, [of sommige van sy metgeselle]; en toe hy 'n beskuldiging teen hulle as oortreders van die wet gemaak het, het hy hulle oorgelewer om gestenig te word" (*Antiquities of the Jews*, bl. 20, hoofstuk 9, seksie 1).

Ja, daar is geskiedkundige bewyse vir die bestaan van Jesus Christus. Dit is verbasend dat party mense die getuienis van 'n geskiedkundige soos Josephus sal aanvaar, maar die getuienis van ooggetuies van Jesus se tydgenote ignoreer. Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes het almal geskryf en getuig van die lewe, wonderwerke en leringe van ons Verlosser. Die apostel Johannes het geskryf dat hy en die ander Apostels nie net vir Jesus

gehoor het nie, maar Hom gesien en Hom aangeraak het (1 Johannes 1:1-2). Na Sy opstanding het Jesus aan die ongelowige Thomas gesê om sy hand in die spieswond wat Hom doodgemaak het, te steek. Hy het beveel: "Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig" (Johannes 20:27). Wat was Thomas se reaksie? "En Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en my God!" (Vers 28).

Jesus Christus het gesterf en is opgewek. Hy leef vandag.

Indien Hy nie opgewek is nie, sou ons nog in sonde wees en ons geloof sou nutteloos wees (1 Korinthiërs 15:16-17). Soos Paulus egter verduidelik, daar is goeie nuus! "Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens" (verse 20-21).

So, wie was Jesus? Belangriker nóg is die vraag: **Wie** is Jesus? Hy is ons Verlosser wat leef! Hy is ons groot Hoëpriester, soos die apostel Paulus verduidelik in Hebreërs 3:1;

4:14. Hy sit aan die regterhand van God in die hemel, waar Hy "vir ons intree" (Romeine 8:34). Hy sal binnekort terugkeer na die planeet Aarde as Koning van die konings en Here van die here (Openbaring 19:16), om die Koninkryk van God hier te vestig om wêreldvrede te bring! Sal u gereed wees vir Sy Wederkoms? Sal u Sy offer aanvaar, u bekeer en 'n lewe van gehoorsaamheid aan Hom leef? Dank God dat die Bybel die ware Jesus Christus openbaar – die lewende, liefdevolle Verlosser van die wêreld! **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 26 – Tem die sosiale monster

landwyd het gehaas om hulle klaskamers van rekenaars te voorsien en baie beleidmakers sê dat dit dwaas is om iets anders te doen. Die teenstrydige standpunt kan by die episentrum van die tegnologiese ekonomie gevind word, waar sommige ouers en opvoeders 'n boodskap het: Rekenaars en skole kan nie gemeng word nie.

Die Universiteit van New York se professor Adam Alter, verduidelik: Dit is opvallend dat "75% van die studente [by die Waldorf School van die skiereiland] die kinders van *Silicon Valley* se tegnologiese uitvoerende beamptes is. Dit is mense wat in die openbaar sal uitwy oor die wonders van die

produkte wat hulle vervaardig maar wat terselfdertyd in al hulle wysheid besluit het dat hulle kinders nie in 'n skool hoort wat dieselfde tegnologie gebruik nie" (Yates, Eames. "*This Silicon Valley school shuns technology – yet most of the students are children of tech execs*", *BusinessInsider.com*, 23 Maart 2017).

Toni Hassan, wat vir Australië se *Sydney Morning Herald* skryf het 'n artikel met die titel: "*Facebook* skeur die gemeenskap uitmekaar en ander redes om sosiale media te verban". Hy begin met die beskrywing van 'n ander magtige ontnugterde speler. "Toe Chamath Palihapitiya in 2007 by *Facebook* aangesluit het, het dit 50 miljoen gebruikers gehad. Teen die tyd dat hy dit na vier jaar verlaat het, het dit 800 miljoen gebruikers gehad. Hy was die vise-president van verbruikersgroei. Deesdae voel hy geweldig

skuldig". Hassan sê self in hierdie artikel:

Ek dink ons het dit almal in ons agterkoppe geweet, selfs al het ons ons verbeeld dat hierdie hele bedryf waarskynlik geen slegte nagevolge sal hê nie, dink ek dat ons in die diepste skuilplekke van ons onderbewussyn tot 'n mate bang was dat iets sleg kan gebeur ... Die korttermyn, dopamien-gedrewe kringloop wat ons geskep het, vernietig hoe die samelewing werk. Geen beskaafde redevoering, geen samewerking, vals inligting, onwaarhede – dit is nie 'n Amerikaanse probleem nie – dit gaan nie oor Russiese advertensies nie, dit is 'n wêreldwye probleem

Vervolg op bladsy 17

(SMH.com.au, 15 Desember 2017).

Dit is interessant om daarop te let dat Mark Zuckerberg *sielkunde* sowel as rekenaarwetenskap by *Harvard* bestudeer het. Niks in hierdie artikel is egter bedoel om hom of enige van hierdie manne, as kwaadwillig uit te beeld nie. Hulle het as baie intelligente jong mans begin wat probeer het om suksesvol te wees en van hulle het gemeen dat hulle die wêreld in 'n beter plek kon verander – maar daar is altyd daardie **wet van onbedoelde gevolge**. Party van hulle spreek nou hulle berou uit en probeer om dinge ten goede te verander. Dit verg moed om openlik daarvoor te praat soos sommige van hulle gedoen het. Daar is egter 'n geestelike wese wat die Bybel “die owerste van die mag van die lug” noem en hy lei die “die loop van hierdie wêreld” (Efésiërs 2:2). Hy is die een wat die hele wêreld mislei (Openbaring 12:9).

Tem die veelkoppige monster

Die belangrikste struikelblok vir verandering is *nie* om *aan uself te erken dat verandering nodig is nie*. 'n Alkoholis lewe in ontkenning en diegene wat verslaaf is aan een of meer sosiale media-platforms, weier gewoonlik om te aanvaar dat hulle verslaaf is. Daar is weer ander wat opgewek erken dat hulle verslaaf is, maar sien dit nie as 'n groot probleem nie. Soos ons in hierdie artikel gesien het, dink sommige van die binnekring wat hierdie tegnologieë en platforms geskep het, dat dit *wel* 'n groot probleem is. Soos Sean Parker

verklaar het, “God alleen weet wat dit aan ons kinders se breine doen”.

Sosiale media het 'n monster met meer as een kop geword wat onmoontlik is om nou in ons huidige wêreld te tem. Daar is die kop van verslawing, die kop van vals inligting deur middel van fopnuus, die kop van vernietiging van aangesig-tot-aangesig-kommunikasie, die kop van fisiese onaktiwiteit, die kop van gewelddadige, onbeskofte en haat-gevulde spraak. Terselfdertyd het ons die kop van sensuur van gewettigde idees. Hierdie artikel sal niks doen om die spoed waarteen ons voortsnel, te verminder nie. Dit kan u egter aanmoedig om die monster *in u huis* te tem.

Die eerste stap is om u oë oop te maak vir die realiteit van die probleem. Ja, almal wil tred hou met kinders, kleinkinders, ouers, ooms en tantes. Ons geniet dit om hulle foto's te sien en te lees wat verlede week met hulle gebeur het, maar soos met televisie wat voor sosiale media daar was, moet ons die gebruik daarvan beheer. Ons moet onthou dat dit spesifiek geskep is om “soveel as moontlik van u tyd en bewuste aandag te verbruik ... Dit beteken dat ons u min of meer elke nou en dan 'n bietjie dopamien sal inspuit... Dit is 'n kringloop van terugvoering vir sosiale geldigheidsverklaring”. U mag dalk nie presies verstaan hoe dit werk nie, maar meer as een stigter van 'n sosiale media platform erken nou dat dit van die begin af hulle voorneme was. Dit sal goed wees as ons hulle bekentenisse aanvaar!

Sodra u besef dat daar 'n probleem is, moet u gewillig

wees om te erken dat miskien, net miskien, u in die lokval getrap het. Eers dan kan u beheer van die probleem neem. Sodra u dit erken, moet u tot aksie oorgaan. Stel reëls vir uself en u gesin vas om die monster te tem. Hier is 'n paar voorstelle:

* Maaltye behoort “aftyg” te wees vir sosiale media en tegnologiese toestelle – sit dit weg!

* Stel beperkte gebruikstye vas vir elke dag en hou daarby

* Hou 'n tydkaart en teken elke minuut aan wat u op sosiale media spandeer

* Teks nooit of kyk nie na u sosiale media wanneer u by ander mense kuier nie – dit is ongeskik!

* Moet nooit, nooit teks of mobiele toestelle gebruik terwyl u bestuur nie!

* Weerhou u van sosiale media een dag in die week

* Dit is “aftyg” wanneer u visvang, gholf speel of ander ontspanningsaktiwiteite geniet

Hier is 'n bietjie wyse raad uit die Bybel: “ALLES is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar nie alles stig nie” (1 Korinthiërs 10:23). In hoofstuk 6 vers 12 van dieselfde boek is die eerste deel van die Skrifgedeelte dieselfde, maar die tweede helfte is anders: “... ALLES is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar ek sal my nie deur iets laat oorheers nie.” Neem beheer! *Tem die monster!* **WvM**

Tem die sosiale media monster

Gerald Weston

Almal van ons word intens deur veranderende tegnologie geraak. Baie van u wat hier lees, het 'n *Facebook*-bladsy of 'n *Twitter*-rekening of gebruik moontlik ander platforms soos *Instagram* en *Snapchat*. Ons beskou rekenaars en soortgelyke platforms as vanselfsprekend, asof dit nog altyd bestaan het. Hoe het ons wêreld nie die afgelope 30 jaar verander nie!

Die Internet is 'n ensiklopedie van maklik toeganklike inligting. Vra u slimfoon 'n vraag en 'n vroulike stem sal binne 'n paar sekondes die antwoord verskaf. Nou kan kinders opdrag gee aan Alexa en Cortana: "Alexa, stofsuij my kamer". "Cortana, skakel die lig aan".

Die voordele van hierdie nuwe tegnologieë, toestelle en programme is voor die hand liggend, maar begin daar krake in ons elektroniese media-struktuur verskyn? Sommige gesaghebbendes sê ja en skakel die gevaarligte aan. Daar is byvoorbeeld besorgdheid oor privaatheid. Hoeveel van ons private lewens word verkoop en aan wie? Is *Google*, *Amazon*, *Microsoft* of ander besig om ons af te luister? Wie kan inbreuk maak op ons huis se sekuriteitsstelsels? Rede tot kommer strek egter verder. Hoe is hierdie nuwe wêreld besig om ons te beïnvloed en waarheen is ons oppad? Die Wêreldwye Web, sosiale media en toestelle wat dit alles moontlik maak, is besig om hóé ons ons tyd spandeer, hóé ons kommunikeer en hóé ons met mekaar kontak hou te

verander.

Neem as voorbeeld Alexa en soortgelyke "digitale bystand"-toestelle. Sommige owerhede is daarvoor bekommerd dat klein kindertjies verwar kan raak met die verskil tussen ware en denkbeeldige mense. Hulle is bekommerd oor kommunikasievaardighede. Wie leer die kinders van *asseblief* en *dankie*? Wie monitor die stemtoon en gesindheid? Is ons besig om ons kinders te leer om baasspelerig te raak – onvriendelike gebruikers van "gebruikersvriendelike" toestelle? Sal hulle op dieselfde manier met werklike mense omgaan?

Is Alexa of Cortana besig om God in hulle lewens te vervang? Dink hieraan: "Alexa, vra die meditasie-ateljee om 'n meditasie te speel". U kind mag die volgende antwoord ontvang: "Stadige asemhaling is joga-oefening wat die suurstofvlakke in u brein verhoog en gifstowwe uitskei, stres verminder, die immuunstelsel opkikker en die longe en hart versterk". Dit klink vir baie mense onskuldig genoeg maar is dit? Help dit mens eenvoudig ontspan of maak dit mense ontvanklik vir Hindoe-praktyke en idees en waarvoor meditasie eintlik gaan?

Onbedoelde gevolge

U mag hierdie bekommernisse gering ag maar party van die grootste name in die bedryf spreek nou hul spyt uit oor die rigting waarin hulle ons gelei het. Dit het so vinnig gebeur en as daar een feit is wat goed oorweeg kan word, is dit **die wet**

van onbedoelde gevolge.

Terwyl sommige van hierdie sosiale media-entrepreneurs voortgaan om geld op te raap, spreek ander ernstige kommer uit oor die monsters wat hulle persoonlik help skep het. Hulle besorgdheid gaan oor kinders en die samelewing in die algemeen.

Miskien is dit tyd om voorraadopname te doen en uself af te vra: Wat is sosiale media en al sy verwante tegnologieë besig om aan my en my gesin te doen? Die pad is mooi, maar waarheen neem dit my?

In 'n onlangse *RT*-artikel met die titel "Studie vind dat telefoonverslawing die breinchemie deurmekaar kan krap", word ons vertel: "Wetenskaplikes by die Universiteit van Korea het bevind dat tienderjarige wat hulle mobiele toestelle obsessief gebruik, hoër punte op gestandaardiseerde toetse wat geestesversteurings opspoor behaal het. Die toets het gemeet hoeveel Internet en slimfoongebruik, die daaglikse roetines, sosiale lewe, produktiwiteit, slaappatrone en gevoelens beïnvloed het". Dieselfde bron het die volgende rapporteer: "n Onlangse studie het bevind dat 46% van Amerikaners sê dat hulle nie kan lewe sonder hul slimfone nie, volgens 'n studie van die *Pew Research Center*. Wetenskaplikes bestuur toenemend die ontwrigtings in glutamaat-/Gaba-glutamien-siklus as gevolg van 'n verskeidenheid neurologiese afwykings en toestande soos

epilepsie, Alzheimer se siekte en outisme" (*RT.com*, 14 Desember 2017).

Dit is natuurlik 'n oordrywing om te beweer dat "hulle nie sonder hul slimfone kan leef nie", maar dit bewys die verslawende effek van hierdie toestelle en die belangrikheid daarvan in te veel mense se lewens, terwyl die "verslawende aard" nie oordrewe is nie. Sommige "tech execs" en sosiale media stigters erken dit nou. Noemenswaardige *Silicon Valley* rolspelers maak alarm. Sean Parker is nie só 'n huishoudelike naam soos Mark Zuckerberg nie, maar sy invloed word deur elke *Facebook*-gebruiker ondervind.

Leef met berou

Parker is 'n reus wanneer dit by sosiale media kom en "'n liefhebber van die tegnologiese wêreld volgens sy inskrywing op *Biography.com*. Parker het as 'n skelm kuberkraker in sy tienerjare begin en sy vroeë aanleg as medestigter van die rekenaar-diens, Napster, wat dit moontlik gemaak het om lêers met andere te deel, getoon. Later het hy die stigterpresident van *Facebook* geword. Hy is, volgens berigte, meer as \$2 miljard werd".

Parker het eers onlangs die gevare en die skade wat berokken word aan kulture en individue as gevolg van platforms soos *Facebook* en *Twitter* bekend gemaak. Hy het dit laat in 2017 aan *Axios*, 'n Internet nuusbron vertel en verduidelik hoe *Facebook* doelbewus ontwerp is om mense verslaaf te maak aan die gebruik daarvan.

"Die denkproses wat in die bou van hierdie prosesse bestee is, waarvan *Facebook* die eerste was ... het alles gegaan oor: 'Hoe kan ons soveel van u tyd en bewuste aandag as moontlik verbruik,'" het hy gesê. "Dit beteken ook dat ons u so nou en dan so 'n bietjie van 'n dopamien-inspuiting toedien, want iemand het daarvan gehou of kommentaar gelewer op 'n foto of 'n *plasing* of wat ookal ... Dit is 'n kringloop van terugvoering vir sosiale geldigheidsverklaring ... presies die soort ding waarmee 'n kraker soos ek mee vorendag sou kom, omdat mens 'n kwesbaarheid in menslike psigologie uitbuit. Die uitvindings, die skeppers – dit is ek, dit is Mark [Zuckerberg], dit is Keven Systrom op *Instagram*, al hierdie mense – het dit bewustelik verstaan", het hy bygevoeg. "Ons het dit nogtans gedoen".

Parker het ook vroeër in die onderhoud gebieg: "Ek weet nie of ek regtig die gevolge verstaan het van wat ek besig was om te sê [in die bevordering van sosiale media] nie, omdat die onbedoelde gevolge van 'n netwerk, wanneer dit groei tot 'n miljard of 2 miljard mense en ... dit verander letterlik u verhouding met die samelewing, met mekaar ... Dit meng waarskynlik in met produktiwiteit op vreemde maniere. **God**

alleen weet wat dit aan ons kinders se breine doen" (Mike Allen, "*Sean Parker unloads on Facebook: 'God only knows what it's doing to our children's brains'*" *Axios.com*, 9 November 2017).

Pandora se boks

Nog 'n reus in sosiale media is Evan Williams. Hy is medestigter van *Blogger* en 'n *Twitter*-skepper, waarvan hy die grootste aandeelhouer is – nie 'n geringe getuigskrif nie. 'n *New York Times*-artikel bestempel hom as "die man wat Pandora se boks oopgemaak het" en sê, "Totdat hy na vore getree het, het min plekke bestaan waarheen mense kon gaan met hulle oorvol emosies en onbeteuelde sienswyses, buiten om 'n brief aan die koerant te skryf of die bure die leviëte voor te lees. Wanneer hy gevra word hoe hy dink dit gaan, het hy geantwoord: "Ek dink die Internet is beskadig'. Hy het dit eintlik al vir 'n paar jaar geglo. Dinge raak net erger. 'Dit is ook vir baie mense heelwat duideliker dat dit wel beskadig is."

Die *New York Times*-artikel gaan voort om te verduidelik: "Mense gebruik *Facebook* om realiteits-selfmoorde, -aanrandings en -moord op die presiese tye van die daad te vertoon. *Twitter* is 'n byenes van praatjies en misbruik wat lyk asof dit nie kan ophou nie. Fopnuus, hetsy geskep vir ideologie of wins, vier hoogty".

Ev, soos hy dikwels genoem word, was daar. Hy is wat die meeste mense as uiters suksesvol beskou, maar die vraag behoort gevra te word: Is hy gelukkig? "Na beroemdheid en voorspoed kom spyt. Mnr.

Williams probeer nou om 'n paar dinge reg te stel. Só ook *Google*, *Facebook* en selfs *Twitter*, probeer op verskillende maniere om dit te doen. Dit is 'n oomblik vir probeerslae en beloftes. Mnr. Williams sê die probleem met die Internet is dat dit uiterstes beloon. Veronderstel jy ry met die pad af en sien 'n motor 'n ongeluk maak. Natuurlik kyk jy. Almal kyk. Die Internet interpreteer gedrag soos hierdie as 'n aanduiding dat almal vra vir motorongelukke, dus probeer dit om mense daarvan te voorsien". Hy het voortgegaan om te bely: "Ek het aanvanklik gedink dat as almal eers openlik kan praat en inligting en idees uitruil, die wêreld outomaties 'n beter plek sal wees', sê mnr. Williams. 'Ek was verkeerd daaroor'" (Streitfield, David. "The Internet Is Broken': @ev Is Trying to Salvage It", *NYTimes.com*, 20 Mei 2017).

Vryheid van spraak is verby

Die oortuiging bestaan dat die Internet oor die algemeen en sosiale media in besonder, vryheid van spraak bevorder. Dit is 'n mite! Dit is goed bekend dat die *Silicon Valley* se uitvoerende hoofde die mees liberaalste mense is en die wêreld verander soos dit hulle pas deur politieke korrektheid. Jong millennialiste boots idees na wat deur sosialistiese universiteits-professore ondersteun word. Dit het 'n teenreaksie van individue wat sien dat hulle nasies besig is om hulle identiteite en geskiedkundige waardes te verloor, uitgelok. Die teenreaksie kom soms in die vorm van Nazi en wit heerssugtige haatspraak, wat op sy beurt weer pogings

"regverdig" om enige iets wat soos haatspraak klink te onderdruk.

Ware haatspraak bestaan en behoort oral deur alle regdenkende mense veroordeel te word, maar hier is die probleem: Presies hoe definieer mens haatspraak? Dit is nie naastenby so maklik soos wat dit lyk nie, want nie almal kan saamstem oor wat dit is nie. Baie van dit wat die *bekrompe linkses* as haatspraak bestempel, is niks anders as *politie nie-korrekte* meningsverskille nie.

Pro-lifers [voorstanders van lewe] wat opreg glo dat aborsie moord is en voorspraak doen vir die kwesbaarste en weerlose mensies, word dikwels as fascistiese haatsprekers uitgekryt. Diegene wat egter ten gunste van vrye keuse is en goedkeur dat klein kindertjies uitmekaar geskeur en dan uit hul moeders se baarmoeder uitgesuig word, word feitlik nooit as lede van 'n "haatgroep" gebrandmerk nie. Indien enige iemand nie van hierdie beskrywing van aborsie hou nie, **maak vrede daarmee!** Maak u oë oop, want dit is presies wat in baie gevalle gedoen word. Hoekom is dit "haat" wanneer die waarheid vertel word?

As gevolg van werklike haatspraak wat mense probeer aanhits tot geweld, saam met fopnuus en vulgêre bespreking, is dit egter verstaanbaar dat daar 'n oproep is om sulke plasinge op sosiale media en die Internet in die algemeen, te monitor en te skrap. In 2017 het *Google* 10,000 mense vir hierdie doel gehuur. *Twitter* het ook dieselfde gedoen. *Fox News* het die volgende oor hierdie stap

berig:

Die veranderings wat verlede maand aangekondig is [November 2017] brei *Twitter* se "haatlike gedragsbeleid" uit om enige rekening permanent op te skort ... wat "gewelddadige dreigemente, meervoudige beledigings, byname, rassistiese of seksistiese dubbelsinnighede uiter of wat vrees inboesem of iemand tot minder as menslik verneder" ... Hatige beeldspraak sal nou onder die rubriek van *Twitter* se "sensitiewe mediabeleid" val en dit sal enige "logo's, simbole of beelde insluit waarvan die doel is om vyandigheid en boosheid teenoor ander te bevorder, gebaseer op hul ras, godsdiens, gestremdheid, seksuele oriëntasie of etnisiteit/nasionale oorsprong". Hierdie beleid is "sowel op as af van die verhoog, voor of uit die publieke oog" van toepassing (Carbone, Christopher. "*Twitter begins purge of far-right accounts as new hate speech rules take effect*". *FoxNews.com*, 18 Desember 2017).

Sien u die gevaar? Hoe sal hulle "seksistiese dubbelsinnighede" definieer, of vreesinboeseming of om iemand tot "minder as menslik te verneder"? Hoe sal hulle bepaal

Vervolg op bladsy 26

Keerpunte in wêreldgeskiedenis Amerika bereik sy geopenbaarde bestemming

Deur Douglas S. Winnail

Waarom het koloniale Amerika op die voorgrond getree as 'n belangrike rolspeler op 'n wêreldtoneel wat lank reeds deur Brittanje, Frankryk en Spanje oorheers is? Wat het die Verenigde State in staat gestel om 'n wêreldmoondheid te word? Waarom het Amerika die magtigste en invloedrykste nasie in die wêreld geword? Was Amerika net gelukkig? Was dit 'n toevalligheid van die geskiedenis of die gevolg van skerp-sinnige Amerikaanse diplomاسie? Was daar dalk *ander faktore* betrokke wat vandag selde genoem word?

Ongelukkig het baie mense in ons moderne wêreld vergeet of hulle het nooit gehoor van die bewyse wat dui op die “hand van God” of van “Goddelike Voorsienigheid” nie. Bogenoemde het Amerika se opkoms tot grootheid volgens 'n “voorafbepaalde plan” gelei. Terwyl dit dalk vreemd mag klink in moderne ore, is daar meer as voldoende bewyse vir enigiemand met oë om te sien, dat God in menslike aangeleenthede ingryp om die verloop van die geskiedenis te lei en ten uitvoer te bring wat Hy voorspel het. (sien Jesaja 46:8-11). Soos u in hierdie artikel sal sien, was die vervulling van Amerika se “geopenbaarde bestemming” 'n

belangrike keerpunt in die geskiedenis van die wêreld.

Voorafbestemde geskiedenis

Die opgetekende geskiedenis van die vestiging en ontwikkeling van die Nuwe Wêreld, veral Noord-Amerika, illustreer die aard van “voorsienigheid” in hierdie groot keerpunt. In die 1500's het die Spaanse en Portugese seevaarders die Nuwe Wêreld oopgestel vir Europese verkenning en die pous het 'n bevel uitgereik wat hierdie nuwe lande tussen Katolieke Spanje en Portugal verdeel het. Hierdie toneel het in die 1600's begin verander, met die aankoms in Noord-Amerika van die Franse, die Protestantse Engelse en veral die Puriteinse Pelgrims wat hulle nedersettings in Nieu-Engeland as 'n God-gegewe Beloofde Land beskou het. Gedurende die vroeë 1700's het die Franse en Brittanje teen mekaar geveg vir die beheer oor gebiede in Noord-Amerika. In die laat 1700's, het die toneel in Noord-Amerika nog meer verander toe dertien, hoofsaaklik Protestantse kolonies, aan die oostelike kus hulle onafhanklikheid van Groot-Brittanje verklaar het en uiteindelik die magtigste nasie op aarde verslaan het. Die koloniale leiers het geredelik erken

dat hulle oorwinning die gevolg was van Goddelike ingryping by verskeie geleenthede (sien “Wonderwerke van die Amerikaanse revolusie” *Wêreld van Môre*, Julie-Augustus 2018). Die geskiedenis bevestig dat dit die Amerikaners was wat die Noord-Amerikaanse vasteland beheer het, nie die Spanjaarde, Franse of Britte nie – dit was 'n belangrike keerpunt in die geskiedenis.

Terwyl kritici vergeet het en mag spot, was die geloof in “Goddelike Voorsienigheid” – dat God die verloop van die geskiedenis lei en dat Hy 'n spesiale einddoel gehad het vir Amerika om Sy plan deur te voer – algemeen aanvaar in koloniale Amerika en dit was 'n ononderbroke tema in die Amerikaanse geskiedenis van die pelgrims af tot vandag (*Providence and the Invention of the United States*, Nicholas Guyatt, bl. 1-8). Terwyl skeptici twyfel dat God bestaan of 'n plan het, het die Protestantse Engelse, God se hand gesien in die nederlaag van die Spaanse Armada. Die pelgrims het hulle reis oor die Atlantiese Oseaan en vestiging in Nieu-Engeland gelykgestel aan Israel se ontvlugting uit Egipte oor die Rooi See na die Beloofde Land. Koloniale Amerikaners het hulle skeiding van en oorwinning oor

Groot-Brittanje gesien as belangrike rolspelers in God se plan (*ibid.*, bl. 46-51). Amerika se stigters “het verstaan dat daar 'n mag in die heelal is wat groter is as hulleself” en hierdie Goddelike Skepper het 'n “plan vir die mensdom” gehad wat die Verenigde State van Amerika betrek – een wat die verloop van die geskiedenis sou verander (*A Nation Like No Other*, Gingrich, bl. 21).

Voorafbestemde geografie

Nog 'n faktor wat ook vandag oor die hoof gesien word, is die belangrikheid van “geografie, as 'n deurslaggewende faktor in die verloop van die menslike geskiedenis” (*Prisoners of Geography*, Tim Marshall, bl. 7). Wat die Europeërs nie besef het toe hulle aan die strand van Noord-Amerika geland het nie, was dat die vasteland 'n uitnemende stuk vaste eiendom was, beskerm deur twee oseane, vol natuurlike hawens en vrugbare grondsoorte, bykans onbepaalde hoeveelhede hout, steenkool, olie en selfs goud, 'n oorvloed vaarbare riviere en (in die Mississippi-bekken) “die grootste binnelandse watervervoerstelsel in die wêreld ... waaruit Amerika se pad na grootheid gevloei het” (*ibid.*, bl. 64-68). Soos een sekulêre skrywer dit stel, “Geografie het bepaal dat indien 'n politieke entiteit die land 'van see tot glinsterende see' kon bekom en beheer, sou dit 'n groot moondheid wees, die grootste

wat die geskiedenis nog geken het” (*ibid.*, bl. 65).

Ander bronne dui daarop dat “baie geskiedkundiges die Voorsienigheid se voorbereiding van Amerika erken het ... dat 'n Almagtige, Oorheersende Voorsienigheid van die begin af beplan het om 'n groot, verenigde volk hier te plaas ... en dat geen blinde mag aan ons aarde die formasies wat so geskik is om hierdie funksies te vervul, gegee het nie” (*America's Providential History*, Mark Beliles en Stephen McDowell, bl. 17). Die jong Franse waarnemer, Alexis de Tocqueville, het in die 1840's ook opgemerk dat die uitgestrekte landskap van Amerika “lyk of dit voorberei is om die woonplek van 'n groot, maar nog ongeboornasie te wees. In daardie land moes die groot eksperiment gedoen word deur 'n beskaafde mensdom, om te probeer om 'n samelewing te bou op 'n nuwe grondslag” – wat ook deel was van hierdie belangrike keerpunt in die wêreldgeskiedenis (*ibid.*, bl. 17).

Voorafbestemde uitbreiding

Na die rewolusie het Amerika se nuwe leiers 'n merkwaardige periode van uitbreiding begin. In 1803 het Thomas Jefferson onderhandel in verband met die *Louisiana Purchase* (met Napoleon, wat fondse benodig het vir sy Europese veldtogte). Dit het die grootte van die Verenigde State verdubbel en só is beheer oor die Mississippi-rivierstelsel

verkry wat die grootste vaarbare rivierstelsel in die wêreld is. In 1814 het Generaal Andrew Jackson die Britte in New Orleans verslaan en beheer oor die monding van die Mississippi-rivier verkry. In 1819 het Spanje, wat besig was met probleme elders, Florida aan die Verenigde State oorgedra. In die 1840's het die Verenigde State, *Upper California* bekom (wat later Kalifornië, Nevada, Utah en deel van Nieu-Mexiko geword het) sowel as Texas wat 'n uitvloeisel was van die Mexikaans-Amerikaanse-oorlog. Hulle het ook die Oregon-gebied van Groot-Brittanje verkry deur 'n verdrag. Die Alaskagebied is in 1867 van die Russiese Ryk aangekoop.

Die Verenigde State het in minder as 'n eeu nadat onafhanklikheid verkry is, bereik wat baie mense laat glo het dat dit sy “voorafbepaalde bestemming was om oor die hele vasteland te versprei en te besit wat die Voorsienigheid vooraf bestem het” (*Manifest Destiny*, Anders Stephanson, bl. 42). As gevolg van die Spaans-Amerikaanse-oorlog het Spanje in 1898 sy koloniale ryk in die Nuwe Wêreld prysgegee en Amerika het 'n wêreldmoondheid geword deurdat hulle die oorsese gebiede van Puerto Rico, Guam en die Filippyne bekom het – dit het die Atlantiese en die Stille Oseaan toegange tot die kontinentale Verenigde State bewaak. Ná twee wêreldoorloë en 'n Koue oorlog met Rusland, het Amerika

Vervolg op bladsy 11

Vrae & Antwoorde

Wat beteken dit om Christus te verkondig?

VRAAG: Wanneer ons in Handeling 8 lees van Filippus wat die Evangelie aan die Samaritane verkondig het, lees ons dat hy “Christus aan hulle verkondig” (vers 5). Waarom verkondig u tydskrif dan die Koninkryk van God en nie net die persoon van Christus nie?

ANTWOORD: Dit is 'n algemene wanopvatting. Baie mense glo vandag dat as hulle net maar oor die persoon van Christus preek, hulle Sy boodskap verkondig. Trouens, Jesus Christus het met 'n baie spesifieke boodskap gekom. Baie mense wat net van Hom as persoon preek, verdraai Sy boodskap en laat na om mense alles te leer wat Jesus Self aan hulle geleer het. Kyk noukeurig na Handeling 8 wat die onlosmaaklike verband tussen Jesus se persoon en Sy Ware boodskap illustreer.

Let op wat Filippus gepreek het toe hy “Christus aan hulle verkondig” het. Ons lees: “Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue” (vers 12). Met ander woorde toe Filippus, Christus aan die skare verkondig het in Samaria, het hy hulle geleer aangaande Christus se identiteit as Verlosser en Koning (Sy “Naam”) en oor die “Koninkryk van God” waarvoor Christus sal regeer. In reaksie op hierdie boodskap het baie mense Christus aanvaar – en sodoende Sy boodskap [van die Koninkryk] aanvaar.

Is hierdie “Koninkryk van God” 'n soort warm gevoel in die hart van die gelowige? Geensins! Die apostel Johannes het Jesus Christus se profetiese verduideliking van die toekomstige Koninkryk waarvoor Hy sal regeer, opgeteken.

Johannes het geskryf van 'n toekomstige tyd: “Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15)!

Dit is nie 'n sinnebeeldige voorstelling nie; Jesus is 'n Werklike Koning. Hy sal oor 'n letterlike Koninkryk regeer, bygestaan deur opgestane getroue Christene (Openbaring 5:9-10; 1 Korintiërs 15:50-52). Daar sal definitiewe tekens wees wat Sy Wederkoms vooraf sal gaan en diegene wat hulle met die vyande van Christus verbind het, sal “treur” wanneer hulle Hom sien kom om daardie Koninkryk te vestig (Matthéüs 24:30).

Let op wat Hy gesê het toe Pilatus Hom gevra het, “Is U dan tog 'n koning? Jesus antwoord: U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem” (Johannes 18:37). Soos Jesus ook verduidelik het, Sy Koninkryk is nie van “hierdie wêreld” – hierdie huidige tydperk – nie, maar van die Wêreld van Môre (vers 36).

Christus sal Sy Koninkryk vanuit 'n hoofkwartier in Jerusalem regeer. “Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem” (Miga 4:2). Wanneer die mensdom Christus se weë aanleer, sal “'n duisend jaar”, wat geleef is onder God se heerskappy, 'n vrede en vreugde bring wat nog nooit in die mens se geskiedenis geken is nie.

Die boodskap wat Jesus Christus verkondig het, was die goeie nuus van verlossing en die Koninkryk van God wat op hierdie aarde gevestig sal word om alle mense voor te berei vir die ewige lewe in Sy huisgesin. Christus se dissipels het almal hierdie selfde boodskap getrou verkondig soos wat Hy verkondig het (Lukas 9:1-2; 10:1-2, 9; Handeling 20:21, 25; Matthéüs 24:14; 28:18-20).

Dus, om “Christus te verkondig”, beteken dus om die hele waarheid aangaande Jesus Christus, Sy dood en opstanding en die goeie nuus van die toekomstige Koninkryk van God te verkondig. Diegene wat waarlik Jesus Christus aanvaar, sal Sy boodskap aanvaar, hulle bekeer, gedoop word en Hom toelaat om Sy lewe in hulle te lewe (Filippense 2:5; Galásiërs 2:20) sodat Hy hulle kan voorberei vir die ewige lewe in Sy huisgesin.

Hierdie ontsaglike verandering en toewyding aan God se manier van lewe sal beloon word met Christus se Wederkoms, wanneer Hy aan diegene wat in Sy voetspore gewandel het, sal sê: “Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af” (Matthéüs 25:34). **WFM**

Die werke

Oorlogvoering onder u vel

'n Nimmereindigende oorlog is aan die gang en u is in die middel van die geveg. In werklikheid vind dit onder u eie vel plaas.

Mikroskopiese patogene – soos dodelike bakterieë, virusse, swamme en parasiete – mag so klein wees dat hulle nie gesien kan word nie, maar hulle is oral. Wat staan tussen u en hierdie bedreigings om u lewendig en gesond te hou? Een van die groot wonderre van God se ontwerp: Die *menslike immuunstelsel*.

'n Kort artikel soos hierdie een kan nooit die wonderlike geheelbeeld van ons immuunstelsel in al sy glorie weergee nie en dit sou 'n ingewikkelde verhaal wees om te vertel. Selfs 'n vlugtige blik kan dien om ons te herinner dat ons inderdaad “vreeslik wonderbaar” geskape is (Psalm 139:14). Kom ons neem daardie vlugtige blik.

Beskerming teen vriendskaplike vuur

Selfs voor u gebore is, was u liggaam besig om voor te berei vir die daaglikse stryd wat dit na u geboorte sou veg. Terwyl u in die baarmoeder was, het u liggaam die selle vervaardig wat deel sou wees van die enorme toerusting van die menslike immuunstelsel. Terwyl dit hiermee besig was het hierdie selle monsters van die ander

gesonde selle van u liggaam ontleed en geleer hoe “u” lyk.

Hierdie “geheue” aspek van die immuunstelsel is absoluut noodsaaklik. Sonder die molekulêre masjinerie om hierdie herkenning te bewerkstellig, sal *u eie selle* die prooi word van die wapenrusting van die immuunstelsel, net soos soldate wat op 'n slagveld sterf van “vriendskaplike vuur”.

Mobilisering van 'n mikroskopiese weermag

Het u al ooit opgemerk dat u vel 'n bietjie begin swel kort nadat u raakgesny is? Dit is u immuunstelsel wat aan die werk spring!

Onder die vel het die immuunstelsel “wagte”, soos soldate wat by die muur van 'n stad staan. Wanneer die stad – u liggaam – deur indringers aangeval word, spring die soldate aan die werk! Die immuunstelsel stuur seine om vloeistof in die aangetaste weefsels te vermeerder en trek witbloedselle en ander verdedigingsmeganismes na die plek om die indringers te beveg. U geswelle vel beteken dat daar met die vyand slaags geraak is!

Die chemiese reaksies en transformasies van die immuunstelsel in hierdie geveg is merkwaardig. Byvoorbeeld, een kettingreaksie skep 'n molekulêre masjien wat letterlik 'n gat in aanvallende selle boor. Dit

veroorzaak dat hulle oopbars en sterf. Ander witbloedselle vernietig indringers deur chemiese oorlogvoering, soos om waterstofperoksied te vervaardig. Navorsers het selfs ontdek dat sommige witbloedselle die onwelkome mikrobies binne 'n klein bakkie sal omring en die bakkie dan met natuurlik vervaardigde bleikmiddel oorstroom!

Net soos met 'n stad wat ingeval is, terwyl die aanvanklike soldate die opmars mag vertraag deur met die aanvallers slaags te raak, verhoed dit nie dat meer indringers deur die opening kan indring nie. Namate die mikroskopiese oorlogvoering voortduur, verhoog die immuunstelsel sy pogings in beide beskermingsvermoë en akkuraatheid.

Identifisering van die vyand

Dit gebeur wanneer die immuunstelsel die *presiese identiteit* van die aanvaller herken. *Is dit die H3N2 griepvirus? Is dit die Streptococcus pyogenes-bakterie?*

Volgens sekere berekenings het die immuunstelsel 'n funksionele biblioteek [stookkamer] van *tien miljard* verskillende tipes potensiële bedreigings. Om te beskryf hoe die stelsel hierdie biblioteek [stookkamer] skep, val buite die omvang van hierdie artikel, maar

van Sy hande

vir die doel hiervan is dit genoeg om te sê dat daar geglo word dat hierdie getal groter is as die aantal bedreigings wat op aarde bestaan! Byvoorbeeld, wetenskaplikes wat die kragtige aard van soogdiere se immuunstelsel ondersoek, het 'n klompie mensgemaakte molekules in party van die diere ingespuut. Hulle het geweet dat sulke molekules nie natuurlik bestaan nie en nog nooit deur die diere teëgekomp is nie. Hulle het geleer dat die diere se immuunstelsels *alreeds* 'n reaksie gehad het wat *spesifiek ontwerp is* om daardie molekules teen te werk!

Hoe ken die immuunstelsel sy aanvallers uit?

Wanneer die “eerste-reaksie-selle” die begin van infeksie beveg, vernietig spesiale selle in hulle aanvanklike aanval nie net die indringers nie, maar breek hulle op. Dit vervoer dan stukkies van die indringer na die limfknope van die liggaam waar hulle die stukkies van die vyandige mikrobies aan ander selle in die immuunstelsel “voorstel”. Daardie verdediging-selle wat spesifiek voorberei is om die *presiese* invaller te beveg, word dan geaktiveer en meer selle – sowel as spesiale proteïene genaamd teenliggaampies – wat almal *spesifiek vir daardie patogeen* is, kan op groot skaal vervaardig word.

Soek en vernietig!

Indien die aanvanklike verdedigingslinie u liggaam se “voetsoldate” was, is hierdie die “spesiale magte” wat die spesifieke bedreiging haarfyn aanwys. Byvoorbeeld, wanneer die teenliggaampies wat spesifiek op daardie aanvaller gemik is die plek van infeksie bereik, kleef hulle aan die vreemde liggaampie en ontwig die aanvaller se funksies op baie maniere. Teenliggaampies kan veroorsaak dat skadelike bakterieë aan mekaar heg, wat dit oneffektief maak. Hulle kan die bewegende dele van gevaarlike selle verhinder en immobiliseer. Teenliggaampies meng in met die funksionering van virusse op maniere wat voorkom dat dit aan gesonde selle kan vasheg en hulleself reproduseer. Die teenliggaampies merk die gevaarlike mikro-organismes en identifiseer dit meer akkuraat as teikens vir vinnige vernietiging.

Dit is 'n doeltreffende proses – een wat eintlik doeltreffender raak, hoe langer die infeksie duur. Wanneer die spesifieke patogeen [siektekiem] geïdentifiseer is, begin die selle wat daardie teenliggaampies produseer, nie net om meer daarvan te maak nie, maar begin ook om daarmee te “eksperimenteer” – om klein variasies van dieselfde teenliggaampie te vervaardig om te bepaal of die teenlig-

gaampie se vashegting aan die mikro-organisme verbeter kan word. Met verloop van tyd “leer” die immuunstelsel hoe om molekules doeltreffender aan die indringers te laat vasheg. Dit is nie net om die vernietiging van die indringende stof te bespoedig nie, maar ook om die immuunstelsel se biblioteek [stoorkamer] te verbeter sodat dit die vyand selfs vinniger kan vernietig wanneer dit die volgende keer opduik.

Ver buite die begrip van evolusie

Die idee dat 'n verbasend komplekse stelsel soos hierdie eenvoudig kon “ontwikkel” deur klein, opeenvolgende stappe – selfs oor duisende of miljoene jare – is eenvoudig ondenkbaar. Ons immuunstelsel is 'n voorbeeld van wat Intelligente Ontwerp teoretici “onverkleinbare kompleksiteit” noem. Dit kan nie geleidelik oor tyd ontwikkel nie, want as 'n fundamentele, komplekse stukkies selfs gedeeltelik ontbreek, sou die hele immuunstelsel óf 'n nuttelose gemors óf 'n gevaarlike ramp word.

Soos biochemikus Michael Behe in sy gedagteryke werk, *Darwin's Black Box*, geskryf het:

Verskeidenheid, herkenning, vernietiging, verdraagsaamheid – daar is interaksie tussen

al hierdie dinge en meer. Hoe ons ook al redeneer word 'n stap-vir-stap verklaring van die immuunstelsel deur verskeie inmeekaar-geweefde vereistes gedwarsboom. As wetenskaplikes hunker ons daarna om te verstaan hoe hierdie wonderlike meganisme ontstaan het, maar die komplek-

siteit van die stelsel veroem alle Darwinistiese verklarings tot frustrasie (bl.139).

Ons immuunstelsel het nie ontwikkel nie. Dit dra al die kenmerke van beplanning en ontwerp – geskep deur Een met 'n intelligensie en krag wat veel groter is as ons eie.

Totdat Jesus Christus weer kom om “die wederoprigting van

alle dinge” in te lui (Handelinge 3:21), sal ons wêreld 'n vermenging van seëninge en gevare bly. God het ons egter nie weerloos gelaat nie! Soos koning Dawid, kan ons gerus wees dat Hy die werke van Sy hande nie sal laat vaar nie (Psalm 138:8).

—Wallace G. Smith

Vervolg vanaf bladsy 20 – Tem die sosiale monster

wat beteken die aanhitsing van vyandigheid teen godsdiens of seksuele oriëntasie? Gegewe politieke korrektheid, geringe aggressie en die gemak waarmee liberale universiteits-professore studente oortuig dat hulle gekrenk behoort te voel, kan ons nie sien waarheen dit op pad is nie?

Indien enigiemand die bekromptes se vooroordeel en groeiende sensuur van regmatige gesprekvoering betwyfel, dink aan die geval van die *PragerU*-kanaal op *YouTube*. So baie video's Van *PragerU* is op die platform geblokkeer dat hulle in 2017 'n regsding teen *Google*, die eienaar van *YouTube*, ahangig gemaak het. Enigeen wat vertrou is met *PragerU*, weet dat dit geen *Google*-verbod oortree het nie. Tot en met die skrywe van hierdie artikel bevat hulle video's geen skadelike of gevaarlike inhoud, geen naaktheid en geen seksuele materiaal nie. Hulle het geen gewelddadige of grafiese inhoud nie. Hulle respekteer kopieregwette, vermy *spam* [gemorspos], misleidende inligting met

betrekking tot ander data en bedrog en hulle doen niks om kinders in gevaar te stel nie.

In *PragerU* se persverklaring wat hulle saak teen *Google* en *YouTube* aankondig, haal hulle die voormalige Kaliforniese goewerneur Pete Wilson aan: “Dit is spraakdiskriminasie uit en gedaan, sensorskap totaal gebaseer op ongespesifiseerde ideologiese beswaar teen die boodskap of op die veronderstelde identiteit en politieke standpunt van die spreker” (“*PragerU neem regstappe teen Google and YouTube vir diskriminasie*”, *PragerU.com*, 2017).

Waldorf school in Silicon Valley

Die *New York Times* het in 2011 'n berig oor 'n privaatskool in *Los Altos*, Kalifornië, in die hart van *Silicon Valley* geplaas: “Die hoof tegnologiese beampte van *eBay* stuur sy kinders hierheen. So ook werknemers van *Silicon Valley* se reuse soos *Google*, *Apple*, *Yahoo* en *Hewlett-Packard*” (Richtel, Matt. “*A Silicon Valley School That Doesn't Compute*”, *NY-*

Times.com, 22 Oktober 2011). 'n Mens sou verwag dat die kinders van hierdie elite-werknemers, wat meer as \$17,000 per jaar vir die onderrig van elke laerskoolkind betaal, 'n beduidende voordeel bo die res van ons behoort te hê. Of dit nou waar is of nie, sal nog gesien word, maar hier is wat so opvallend is: Die *Waldorf School* van die skiereiland, een van 'n reeks van 160 skole oor die Verenigde State, skram weg van tegnologie – soveel so dat daar geen rekenaars, geen *iPads* en geen *iPhones* is nie! Soos die artikel verduidelik:

Die skool se belangrikste toerusting vir onderrig is alles behalwe hoë tegnologie: Penne en papier, breinaalde en soms modder. 'n Rekenaar kan nie gevind word nie. Geen skerms nie en dit word nie in die klaskamer toegelaat nie, terwyl die skool selfs frons oor die gebruik daarvan by die huis. Skole

Vervolg op bladsy 16

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

ontvang nie” (Openbaring 18:4).

Waarom het 'n groot, sogenaamde “Christelike” heilige dag die naam van 'n heidense godin van vrugbaarheid daaraan gekoppel? Waarom word daardie vakansiedag met simbole van vrugbaarheid van eiers en hase gevier? Wat het dit met die opstanding van Christus te doen? Waarom verkies kerke wat Christelikheid bely om op die dag wat die heidense Romeinse keiser Konstantyn uitgevaardig het, wat hy die “eerbiedwaardige dag van die son” genoem het, te aanbid? Hoekom word die antieke “verjaarsdag van die son” gekies om die geboorte van Jesus Christus te vier? Hierdie vrae het eerlike antwoorde nodig!

Die eerbiedwaardige dag van die son

Een van my gunsteling-aanhalings kom uit die hoogs gerespekteerde *Eerdman's Handbook to the History of Christianity*: “Konstantyn het in 321 die eerste dag van die week 'n vakansiedag verklaar. Hy het dit 'die eerbiedwaardige dag van die son' (Sondag) genoem. Toe die heidense simbole uiteindelik verdwyn het was die Onoorwonne Son die laaste om mee weggedoen te word ... Die Christelike kerk het baie heidense idees en beelde oorgeneem. Van sonaanbidding kom byvoorbeeld die viering van Christus se geboorte op die vyf-en-twintigste Desember, die verjaarsdag van die son. *Saturnalia*, die Romeinse winterfees van 17 tot 21 Desember het die geleentheid verskaf vir pret, die gee van geskenke en kerse wat tipies is van latere Kersfeesvieringe” (bl. 131).

Die bekende en invloedryke Britse skrywer Paul Johnson wys daarop hoe heidense invloed die kerk infiltreer het ná Konstantyn se sogenaamde bekering. “Dit het gelyk of hyself 'n sonaanbidder was, een van 'n aantal laatheidense kultusse wat ooreenkomste gehad het met die vierings van die Christene. So het die volgelingen van Isis 'n Madonna aanbid wat haar heilige kind voed. Konstantyn was byna verseker 'n Mithraïs [son-aanbidder] en sy triomfboog, wat ná sy 'bekering' gebou is, getuig van die songod of 'onoorwonne son'. Baie Christene het nie 'n duidelike onderskeid tussen die sonkultus en

hulle eie geloof getref nie. Hulle het na Christus verwys wat 'met sy koets deur die lug ry'; hulle het hulle dienste op Sondagoggend gehou, na die ooste gekniel [dienste met sonsopkoms] en het hulle geboortefees op 25 Desember gehou, die verjaarsdag van die son tydens die wintersonstilstand” (*A History of Christianity*, bl. 67).

As 'n opregte gelowige, lyk enigiets hiervan dalk vir u vreemd? U het waarskynlik net soos ek grootgeword deur die algemene gebruike van moderne Christelikheid te aanvaar. Is dit moontlik dat u, net soos ek, mislei is aangaande die waarheid van die Bybel en die boodskap wat Jesus na hierdie wêreld gebring het? Kon u “'n ander Jesus”, “'n ander gees” en “'n ander evangelie” aanvaar het? Kan u moontlik *deel* wees van die hele wêreld wat deur Satan mislei is? Is u moedig genoeg om uself hierdie vrae af te vra, 'n eerlike en ingeligte skatting te maak en op grond van u bevindings op te tree? Volgens Matthéüs 7:13-14 is daar min sulke mense!

Ek het daardie Manhattan-gehoor uitgedaag, soos ek u uitdaag, om self hierdie dinge te ondersoek. Moet ons nie glo omdat ons dit sê nie, glo dit omdat dit bewys kan word uit die Skrif en uit die geskiedenis. Maak seker dat u voortgaan om dr. Roderick C. Meredith se omvattende reeks oor die Protestantse Hervorming te lees, aangesien dit histories akkurate inligting bevat waarvan u waarskynlik nog **nooit voorheen bewus was** nie.

Ons het gewoonlik 'n verposing tydens hierdie aanbiedings en nooi dan almal wat belangstel om meer van die Lewende Kerk van God te leer om agter te bly om vrae te vra en antwoorde te kry. Sommige van die meer algemene vrae sluit vrae oor die Sabbat en Heilige Dae in. Wat beteken die Bybel se Heilige Dae? Hoe onderhou u dit? Hoe behoort 'n mens die weeklikse Sabbat te onderhou? Het die Lewende Kerk van God 'n gemeente in die omgewing? Is die doop nodig vir verlossing en indien wel, doop u mense? Sommige mense het vrae oor spesifieke leerstellings. Afhangende van die belangstelling, mag ons die aanbiedings met verskeie Bybelstudies opvolg en ons begin

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

af en toe 'n nuwe gemeente waar daar genoeg belangstelling is, maar niemand is verplig om by enigiets aan te sluit nie en ons neem nie kollekte op tydens ons weeklikse dienste nie.

Daar sal in die komende maande 'n aantal *Tomorrow's World*-aanbiedings wees. Hou u pos dop vir 'n uitnodiging, aangesien ons een in 'n stad naby u mag aanbied. U kan ook op hoogte

bly met die plekke waar hierdie aanbiedings gehou word deur ons webwerf *Tomorrows World.org* te besoek. Ons sal u graag wil ontmoet!



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
 Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880**

**of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**